36101	Unnumbered/Ongenommer	12	—	A. C. Swanepoel	Lot/Perseel 310, Haenertsburg.

PRECIOUS METAL CLAIMS/EDELMETAALKLEIMS

8170	Unnumbered/Ongenommer	4	—	H. J. S. Olivier	Vrischgewaagd 33 KS, Pietersburg.
8256	Unnumbered/Ongenommer	10	—	J. H. Oosthuizen	Eersteling 17 KS, Pietersburg.
8257	Unnumbered/Ongenommer	10	—	H. J. Oosthuizen	Eersteling 17 KS, Pietersburg.

DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION

No. 911 28 May 1976

NATIONAL MONUMENTS ACT, 1969

APPOINTMENT OF MEMBERS OF THE COUNCIL

By virtue of the powers vested in the Minister of National Education by section 3 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), the undermentioned persons have been appointed members of the National Monuments Council for the Territory of South-West Africa for a period ending 30 June 1979, viz:

(a) Mr J. H. Mienie, with effect from 13 January 1976, in the place of Mr S. J. Schoeman who has resigned; and

(b) Mr A. Dörgeloh, with effect from 8 April 1976, in the place of Baron J. B. H. von Prittwitz und Gaffron who has resigned.

DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

No. 911 28 Mei 1976

WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, 1969

AANSTELLING VAN LEDE VAN DIE RAAD

Kragtens die bevoegdheid die Minister van Nasionale Opvoeding verleen by artikel 3 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), is onderstaande persone aangestel as lede van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede vir die Gebied Suidwes-Afrika vir 'n tydperk wat op 30 Junie 1979 eindig, t.w.:

(a) Mnr. J. H. Mienie, met ingang van 13 Januarie 1976 in die plek van mnr. S. J. Schoeman wat bedank het; en

(b) mnr. A. Dörgeloh, met ingang van 8 April 1976 in die plek van baron J. B. H. von Prittwitz und Gaffron wat bedank het.

DEPARTMENT OF POSTS AND TELECOMMUNICATIONS

No. 898 28 May 1976

LIST OF INTERNATIONAL TELECOMMUNICATION TARIFFS

By virtue of the powers vested in him by section 3 (2A) and (2B) of the Post Office Act, 1958 (Act 44 of 1958), the Postmaster General announces that the List of international telecommunication tariffs promulgated by Government Notice R. 1202 of 12 July 1974, as amended, is hereby further amended as follows:

Item 5.1 Telex rates to neighbouring countries as well as Malawi and Zambia:

Substitute the following for the existing item:

"5.1 Telex rates to neighbouring countries as well as Malawi and Zambia:

Destination	*Rate*
Botswana, Lesotho, Mozambique and Swaziland	4c per unit. Calls are metered automatically in time units of 12 seconds.
Malawi, Rhodesia and Zambia	4c per unit. Calls are metered automatically in time units of 6 seconds."

DEPARTEMENT VAN POS- EN TELEKOMMUNIKASIEWESE

No. 898 28 Mei 1976

LYS VAN INTERNASIONALE TELEKOMMUNIKASIETARIEWE

Kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 3 (2A) en (2B) van die Poswet, 1958 (Wet 44 van 1958), maak die Posmeester-generaal bekend dat die lys van internasionale telekommunikasietariewe, afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1202 van 12 Julie 1974, soos gewysig, hierby soos volg verder gewysig word:

Item 5.1 Telekstariewe na buurlande asook Malawi en Zambië:

Vervang die bestaande item deur die volgende:

"5.1 Telekstariewe na buurlande asook Malawi en Zambië:

Bestemming	*Tarief*
Botswana, Lesotho, Mosambiek en Swaziland	4c per eenheid. Oproepe word outomaties in tydeenhede van 12 sekondes getel.
Malawi, Rhodesië en Zambië	4c per eenheid. Oproepe word outomaties in tydeenhede van 6 sekondes getel."

SOUTHERN CAPE FORESTS AND TREES

by

F. VON BREITENBACH

A guide to the indigenous forests of George, Knysna and Tsitsikama; their different types; their management and history; their trees and shrubs, ferns and herbs, grasses and lianes; their snakes, birds and mammals.

With a leaf-key to and descriptions of 100 forest tree species.

328 pages, 470 illustrations (photographs and line drawings), comprehensive index, hard cover.

Price R10,00. Abroad R12,50.

SUID-KAAPSE BOSSE EN BOME

deur

F. VON BREITENBACH

'n Gids tot die inheemse bosse van George, Knysna en Tsitsikama; hul verskillende tipes; hul bestuur en geskiedenis; hul bome en struike, varings en kruidagtige plante, grasse en klimplante; hul slange, voëls en soogdiere.

Met 'n blaarsleutel tot en beskrywings van 100 bosboomsoorte.

328 bladsye, 470 illustrasies (foto's en lyntekeninge), omvattende register, volband.

Prys R10,00. Buiteland R12,50.

Buy National Savings Certificates

Koop Nasionale Spaarsertifikate

GENERAL NOTICES

NOTICE 334 OF 1976

DEPARTMENT OF COMMUNITY DEVELOPMENT

NOTICE OF EXPROPRIATION

To:

THE PERSONS MENTIONED IN THE SUBJOINT SCHEDULE AND TO ALL INTERESTED PARTIES

1. The property, described hereunder, of which you are, to the knowledge of the Community Development Board, established under section 2 of the Community Development Act, 1966 (Act 3 of 1966), the registered owner/co-owner, is required by the said Community Development Board in order to achieve the objects for which the Board was established.

2. Whereas the Acting Minister of Community Development has in terms of paragraph (a) of subsection (1) of section 38 of the said Act on 26 April 1976 approved of the expropriation of the said property.

3. Therefore, take notice that the said Community Development Board hereby expropriates the said property with effect from the date of service of this notice.

4. You are hereby requested to state the amount claimed by you for the said property and you are further required to deliver, or cause to be delivered to the undersigned within 30 days from the date of service hereof, or within such further period as the Community Board may allow—

(a) a statement in writing setting forth the amount of compensation (if any) claimed for immovable property described herein;

(b) your documents of title to the immovable property if these are in your possession or under your control; and

(c) if the said documents are not in your possession or under your control, a list signed by you of the said documents setting forth the registration numbers and dates thereof and the name and address of the person in whose possession or under whose control those documents are and the registration numbers and dates of mortgage bonds (if any) on the immovable property and the names and addresses of the holders thereof.

5. Further take notice that the ownership in the immovable property described herein shall pass to the said Board upon the date of service hereof and the Board may, after the expiry of a period of not less than three months from the date of service hereof, take possession of the property.

ALGEMENE KENNISGEWINGS

KENNISGEWING 334 VAN 1976

DEPARTEMENT VAN GEMEENSKAPSBOU

KENNISGEWING VAN ONTEIENING

Aan:

DIE PERSONE AANGEDUI IN DIE ONDERSTAANDE SKEDULE EN AAN ALLE BELANGHEBBENDE PARTYE

1. Die eiendom hierna beskryf, waarvan u na die wete van die Gemeenskapsontwikkelingsraad ingestel by artikel 2 van die Wet op Gemeenskapsontwikkeling, 1966 (Wet 3 van 1966), die geregistreerde eienaar/mede-eienaar is, word deur genoemde Gemeenskapsontwikkelingsraad benodig ten einde die oogmerke waarvoor die Raad ingestel is te bereik.

2. Aangesien die Waarnemende Minister van Gemeenskapsbou, kragtens die bepalings van paragraaf (a) van subartikel (1) van artikel 38 van genoemde Wet op 26 April 1976 die onteiening van genoemde eiendom goedgekeur het.

3. Neem derhalwe kennis dat genoemde Gemeenskapsontwikkelingsraad genoemde eiendom onteien vanaf die datum van besorging van hierdie kennisgewing.

4. U word hierby versoek om die bedrag wat u ten opsigte van genoemde eiendom eis, te noem en u moet binne 30 dae na besorging hiervan, of binne so 'n verdere tydperk as wat die Gemeenskapsontwikkelingsraad mag toelaat, aan die ondergetekende lewer of laat lewer—

(a) 'n skriftelike verklaring waarin die bedrag van vergoeding (as daar is) wat u vir die onroerende eiendom hierin beskryf eis, uiteengesit word;

(b) die stukke wat u titelbewyse op die onroerende eiendom uitmaak, indien dit in u besit of onder u beheer is; en

(c) indien genoemde stukke nie in u besit of onder u beheer is nie, 'n lys deur u onderteken van genoemde stukke, met vermelding van die registrasienommers en datums daarvan en die naam en adres van die persoon in wie se besit of onder wie se beheer daardie stukke is en die registrasienommers en datums van verbande oor die onroerende eiendom (as daar is) en die name en adresse van die houers daarvan.

5. Neem verder kennis dat die eiendomsreg op die onroerende eiendom hierin beskryf, by besorging hiervan oorgaan op die Raad en die Raad na verstryking van 'n tydperk van minstens drie maande na die datum van besorging hiervan genoemde eiendom in besit kan neem.

(1) Attention is drawn to the provisions of regulation 26 of the regulations made under the Community Development Act, 1966 (Act 3 of 1966), and which reads as follows:

"26. Until such time as the owner or any person occupying on his behalf or with his permission, vacates immovable property expropriated by the board and the latter is allowed to take possession thereof the owner shall maintain such immovable property in the same order and conditions as it was at the date of service of the notice of expropriation failing which the Board shall be entitled to recover from the owner the cost of restoring the property to its said order and condition. Any amount thus becoming payable by the owner shall, subject to the provisions of section 38 of the Act, form a first charge against the amount of compensation payable in respect of such property".

(2) If it is the owner's intention to continue his or any other person's occupation of the property after the expiration of the three months period mentioned in paragraph 5 of the "notice of expropriation", the owner should within 30 days of the date mentioned in the aforesaid notice, contact the Regional Office of the Department of Community Development in order to make the necessary arrangements.

(3) Should the owner or present occupier continue to occupy the property until such time as the amount of compensation is agreed upon and paid or the property is registered in the Board's name, the owner shall be responsible for the payment of municipal rates, taxes and other charges on the property for that period. Should the owner fail to pay such charges the Board reserves to itself the right to pay and to deduct the amount from the compensation payable in respect of such property and to terminate the owner's occupation of the property forthwith.

Dated at Pretoria.

L. FOUCHÉ, Secretary for Community Development, c/o Regional Representative, Private Bag X301, Pretoria, 0001.

(1) Aandag word gevestig op die bepalings van regulasie 26 van die regulasies uitgevaardig ingevolge die Wet op Gemeenskapsontwikkeling, 1966 (Wet 3 van 1966), welke regulasies soos volg lui:

"26. Tot tyd en wyl die eienaar of enige persoon wat namens hom of met sy toestemming okkupeer, onroerende eiendom wat deur die Raad onteien is, ontruim en laasgenoemde toegelaat word om dit in besit te neem, moet die eienaar sorg om dit in besit te neem, moet die eienaar sorg dat die onroerende eiendom in dieselfde toestand gehou word as waarin dit was op die datum van besorging van die kennisgewing van onteiening, en as hy versuim om dit te doen, het die Raad die reg om die koste verbonde aan die herstel van die eiendom in die genoemde toestand, op die eienaar te verhaal. Enige bedrag wat die eienaar aldus moet betaal, maak, behoudens die bepalings van artikel 38 van die Wet, 'n voorkeureis uit teen die vergoeding betaalbaar ten opsigte van die eiendom."

(2) Indien dit die eienaar se voorneme is om sy of enige ander persoon se okkupasie van die eiendom voort te sit, na verstryking van die kennisgewingtydperk van drie maande, waarna daar in paragraaf 5 van die "Kennisgewing van onteiening" verwys word, moet die eienaar, binne 30 dae vanaf die datum in voormelde kennisgewing vermeld, met die Streekkantoor van die Departement van Gemeenskapsbou in verbinding tree om die nodige reëlings te tref.

(3) Indien die eienaar of huidige okkupeerder okkupasie van die eiendom behou totdat daar oor die bedrag van die vergoeding ooreengekom en dit betaal is of totdat die eiendom in die naam van die Raad getransporteer is, is die eienaar vir die betaling van munisipale belastings, heffings en ander kostes ten opsigte van die eiendom, vir die betrokke tydperk, verantwoordelik. Indien die eienaar versuim om sodanige kostes te betaal, behou die Raad hom die reg voor om dit te betaal en van die vergoeding wat ten opsigte van die eiendom betaalbaar is, te verhaal en om die eienaar se okkupasie van die eiendom onverwyld te beëindig.

Gedateer te Pretoria.

L. FOUCHÉ, Sekretaris van Gemeenskapsbou, p/a Streekverteenwoordiger, Privaatsak X301, Pretoria, 0001.

To owner	Reference No.	Certain Lot at New Ermelo	Extent	More fully described in Deed of Transport No.
1. Harriet Tomoyi Maseku (Butelezi).. 2. Lisaya Maseku.....	3510/61/9.....	⅔ Share in Lot 21, situate in Amsterdam Avenue	m² 1 983	6054/1939

Aan eienaar	Verwysingsnommer	Sekere Lot te Nuwe Ermelo	Groot	Meer volledige omskrywing in Akte van Transport No.
1. Harriet Tomoyi Maseku (Butelezi) 2. Lisaya Maseku.....	3510/61/9.....	⅔ Aandeel in Lot 21, geleë in Amsterdamlaan	m² 1 983	6054/1939

NOTICE 335 OF 1976

DEPARTMENT OF POSTS AND TELECOMMUNICATIONS

STATE-OWNED LAND OFFERED FOR PURCHASE BY PUBLIC TENDER

Notice is hereby given that the above-mentioned Department offers for purchase by public tender the undermentioned State-owned land and invites tenders for its purchase in terms of the provisions of the State Land Disposal Act, 1961:

1. Certain portion marked A of Erf 380, situate in the town of Reitz, measuring 556 (five hundred and fifty-six) square metres.
2. Certain portion marked A of Erf 381, situate in the town of Reitz, measuring 556 (five hundred and fifty-six) square metres.

Tenders will be opened at 12h00 on 29 June 1976. Full particulars may be obtained from the Postmaster General, P.O. Box 2648, Pretoria, 0001, or 45 Somerset House, 178 Vermeulen Street, Pretoria, 0002 (Telephone 48-6114x24).

(28 May 1976)

KENNISGEWING 335 VAN 1976

DEPARTEMENT VAN POS- EN TELEKOMMUNIKASIEWESE

STAATSGROND PER OPENBARE TENDER TE KOOP AANGEBIED

Hiermee word kennis gegee dat bogemelde Departement ondergenoemde Staatsgrond per openbare tender te koop aanbied en tenders vir die koop daarvan vra kragtens die bepalings van die Wet op die Beskikking oor Staatsgrond, 1961:

1. Sekere gedeelte gemerk A van Erf 380, geleë in die dorp Reitz, groot 556 (vyfhonderd ses-en-vyftig) vierkante meter.
2. Sekere gedeelte gemerk A van Erf 381, geleë in die dorp Reitz, groot 556 (vyfhonderd ses-en-vyftig) vierkante meter.

Tenders sal op 29 Junie 1976 om 12h00 oopgemaak word. Volledige besonderhede kan by die Posmeestergeneraal, Posbus 2648, Pretoria, 0001, of Somersetgebou 45, Vermeulenstraat 178, Pretoria, 0002 (Telefoon 48-6114 x24), verkry word.

(28 Mei 1976)

NOTICE 338 OF 1976

LIQUOR ACT, 1928

NOTICE OF A SPECIAL MEETING OF THE LIQUOR LICENSING BOARD FOR LIQUOR LICENSING AREA 9, CONVENED IN TERMS OF SECTION 22

It is hereby notified that a special meeting of the Liquor Licensing Board for Liquor Licensing Area 9 will be held at the Magistrate's Court at George at 09h30 on the 21st day of June 1976, for consideration of the following matter:

Application in terms of section 31 of the Liquor Act, No. 30 of 1928, as amended, for the grant of a restaurant liquor licence to Barry Levin, in respect of the premises situated on Erf 6165, Marsch and Zietsman Streets, Mossel Bay.

J. J. AUGUSTYN, Chairman of the Liquor Licensing Board for Area 9.
George.

(28 Mei 1976)

KENNISGEWING 338 VAN 1976

DRANKWET, 1928

KENNISGEWING VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE DRANKLISENSIERAAD VAN DRANKLISENSIEGEBIED 9, INGEVOLGE ARTIKEL 22 BELÊ

Hierby word bekendgemaak dat 'n spesiale vergadering van die Dranklisensieraad van Dranklisensiegebied 9 om 09h30 op die 21ste dag van Junie 1976 by die Landdroshof te George, in die distrik George, gehou sal word vir oorweging van die volgende aangeleentheid:

Aanvraag ingevolge artikel 31 van die Drankwet, No. 30 van 1928, soos gewysig, om die verlening van 'n restaurantdranklisensie aan Barry Levin, ten opsigte van die gebou geleë te Erf 6165, Marsh- en Zietsmanstraat, Mosselbaai.

J. J. AUGUSTYN, Voorsitter van die Dranklisensieraad van Gebied 9.
George.

(28 May 1976)

NOTICE 339 OF 1976

SOUTH AFRICAN RESERVE BANK

Statement of assets and liabilities on the 14th day of May 1976

Liabilities	R
Capital	2 000 000,00
Reserve Fund	18 987 721,55
Notes in circulation	954 408 755,00
Deposits:	
Government	59 012 607,45
Provincial administrations	58 054 502,08
Bankers	295 267 506,19
Other	55 117 941,73
Other liabilities	1 110 883 465,27
	R2 553 732 499,27

Assets	R
Gold	376 280 706,34
Foreign:	
Bills	34 884 221,75
Investments	22 097 632,10
Other assets	548 876 019,95
Total gold and foreign assets	982 138 580,14
Domestic:	
Bills discounted	184 300 000,00
Loans and advances:	
Government	—
Other	375 574 323,93
Securities:	
Government	434 729 562,33
Other	7 777 363,69
Other assets	569 212 669,18
	R2 553 732 499,27

Ratio of gold reserve to liabilities to the public less foreign assets 28,6 per cent.

Pretoria, 19 May 1976.

L. ORCHARD, General Manager.

KENNISGEWING 339 VAN 1976

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK

Staat van bates en laste op die 14de dag van Mei 1976

Laste	R
Kapitaal	2 000 000,00
Reserwefonds	18 987 721,55
Note in omloop	954 408 755,00
Deposito's:	
Regering	59 012 607,45
Provinsiale administrasies	58 054 502,08
Bankiers	295 267 506,19
Andere	55 117 941,73
Ander laste	1 110 883 465,27
	R2 553 732 499,27

Bates	R
Goud	376 280 706,34
Buitelandse:	
Wissels	34 884 221,75
Beleggings	22 097 632,10
Ander bates	548 876 019,95
Totaal aan goud en buitelandse bates	982 138 580,14
Binnelandse:	
Gediskonteerde wissels	184 300 000,00
Lenings en voorskotte:	
Regering	—
Andere	375 574 323,93
Sekuriteite:	
Regering	434 729 562,33
Andere	7 777 363,69
Ander bates	569 212 669,18
	R2 553 732 499,27

Verhouding van goudreserwe tot verpligtings teenoor die publiek min buitelandse bates 28,6 persent.

Pretoria, 19 Mei 1976. L. ORCHARD, Hoofbestuurder.

(28 May 1976)/(28 Mei 1976)

NOTICE 343 OF 1976

DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT

CORRECTION NOTICE

Insert the word and number "of (2)" in section 13 (3) of the Afrikaans text of Proclamation R. 89 of 1976 after the word and number "subregulasie (1)".

(28 May 1976)

KENNISGEWING 343 VAN 1976

DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING

VERBETERINGSKENNISGEWING

Voeg die woord en syfer "of (2)" in by artikel 13 (3) van die Afrikaanse teks van Proklamasie R. 89 van 1976 na die woord en syfer "subregulasie (1)".

(28 Mei 1976)

NOTICE 340 OF 1976

NOTICE OF STATE-OWNED LAND AVAILABLE IN THE REPUBLIC

Applications are invited for the purchase of the undermentioned farm in the District of Letaba in terms of the Agricultural Credit Act, 1966.

The State reserves the right to withdraw at any time the farm hereby offered for sale.

Application forms (LKG 86) are obtainable at all magistrates' offices, except the Magistrate's Office, Pretoria, as well as from the Secretary for Agricultural Credit and Land Tenure, Private Bag X118, Pretoria, 0001. (Telephone 48-2781, extension 230, Room 938, Poynton Centre, Church Street West, Pretoria.)

Applicants should clearly indicate the name of the farm in their applications.

All applications should be forwarded to the Secretary for Agricultural Credit and Land Tenure to reach him not later than 2 July 1976. Applications should not be handed in at magistrates' offices.

Province of the Transvaal, District of Letaba.

The farm Lekkergoed.

KENNISGEWING 340 VAN 1976

KENNISGEWING VAN STAATSGROND BESKIKBAAR IN DIE REPUBLIEK

Aansoeke om die koop van ondergenoemde plaas in die distrik Letaba kragtens die bepalings van die Wet op Landboukrediet, 1966, word ingewag.

Die Staat behou hom die reg voor om die plaas wat hierby te koop aangebied word, te eniger tyd terug te trek.

Aansoekvorms (LKG 86) is verkrygbaar by enige landdroskantoor, uitgesonderd die landdroskantoor te Pretoria, asook by die Sekretaris van Landboukrediet en Grondbesit, Privaatsak X118, Pretoria, 0001. (Telefoon 48-2781, bylyn 230, Kamer 938, Poyntonsentrum, Kerkstraat-Wes, Pretoria.)

Applikante moet die naam van die plaas duidelik aandui in hul aansoeke.

Alle aansoeke moet aan die Sekretaris van Landboukrediet en Grondbesit gestuur word, sodat dit hom uiterlik op 2 Julie 1976 bereik. Aansoeke moet nie by landdroskantore ingedien word nie.

Provinsie Transvaal, distrik Letaba.

Die plaas Lekkergoed.


N
Na/To
Gravelotte
TRANSPORT
LAMULA
LEKKERGOED
2919 ha
ARCHIE
SHOBI
Mica
Na/To
Acornhoek

Area and purchase price.—2 919 ha and R85 462.

Situation.—32 km south-east of Gravelotte and approximately 4 km north of Mica.

Improvements.—Dwelling house, outbuilding, lean-to, three engine rooms, tank stand, chicken coop, pigsty, Bantu dwelling, loading bench, two reservoirs, earth dam, drinking troughs, dipping tanks, kraals and crush pens. Fenced and divided into camps.

N.B. *Luxury improvements.*—Lighting plant and guest house. The successful applicant may negotiate with a previous lessee, who installed these improvements, to acquire them.

Water supply.—Three equipped boreholes and one not equipped.

Grazing.—Mixed. 2/919 h.

Carrying capacity.—9 ha per L.S.U.

General.—The farm is suitable for cattle farming.

Special conditions

1. The successful applicant will be required to enter into a deed of sale with the Department of Agricultural Credit and Land Tenure.

2. The successful applicant will not be entitled to sell the property within ten (10) years of the date of purchase.

3. The amount that the successful applicant will be required to pay in cash towards the purchase price of the farm, as well as the conditions on which the balance is to be paid, will be determined by the Agricultural Credit Board.

4. The successful applicant will be required to occupy the farm personally.

5. (a) All rights to precious stones, precious metals, base minerals and natural oils, as described in the laws relating to minerals, on or under the farm are expressly reserved to the Sate.

(b) The owner of this property shall not have the exclusive right to prospect for precious metals or base minerals thereon and shall not at any time be entitled to a prospecting licence in terms of section 12 of Act 20 of 1967 in respect of this property.

(c) Any officer or employee of the State or any person (and his employees) who, in terms of the laws relating to minerals, is entitled to prospect, mine or conduct operations appertaining thereto on this property may at any time enter upon the property to conduct such operations thereon.

(d) Any officer or employee of the State or any person in possession of the necessary authority in terms of the laws relating to minerals shall be entitled to use such area of this property for prospecting, mining, or purposes appertaining thereto, as may be specified in such authority.

(e) For the use of any such area of the property for prospecting, mining or purposes appertaining thereto, compensation shall be paid only as provided for in the laws relating to minerals.

6. The farm is subject to the conditions set forth in the title deeds of the original farm.

7. The deed of sale to be issued will contain such further conditions as are generally imposed in transactions of this nature.

8. Any costs incurred by the State in respect of improvements on a farm, as well as surveying costs, will be added to the purchase price thereof.

9. The Department has made every endeavour to furnish the above information as accurately as possible, but does not hold itself responsible for any inaccuracies that may be contained herein. The property will be sold voetstoots. Applicants are expected to inspect the farm personally.

(28 May 1976)

Grootte en koopprys.—2 919 ha en R85 462.

Ligging.—32 km suidoos van Gravelotte en ongeveer 4 km noord van Mica.

Verbeterings.—Woonhuis, buitegeboue, afdak, drie masjienkamers, tenkstaander, hoenderhok, varkhok, Bantoehuis, laaibank, twee reservoirs, gronddam, suipkrippe, dipbakke, krale en drukgange. Omhein en verdeel in kampe.

L.W. *Luukse verbeterings.*—Ligtetoestel en gastehuis. Die suksesvolle applikant kan met 'n vorige huurder, wat hierdie verbeterings aangebring het, onderhandel vir die oorname daarvan.

Watervoorsiening.—Drie toegeruste boorgate en een nie toegerus nie.

Weiding.—Gemeng. 2/919 ha.

Drakrag.—9 ha per G.V.E.

Algemeen.—Die plaas is geskik vir beesboerdery.

Spesiale voorwaardes

1. Die suksesvolle applikant sal 'n koopakte met die Departement van Landboukrediet en Grondbesit moet aangaan.

2. Die suksesvolle applikant sal nie daarop geregtig wees om die eiendom binne tien (10) jaar na die aankoopdatum te verkoop nie.

3. Die bedrag van die koopprys van die plaas wat die suksesvolle applikant in kontant moet betaal en die voorwaardes waarop die res betaal moet word, sal deur die Landboukredietraad bepaal word.

4. Die suksesvolle applikant moet die plaas persoonlik bewoon.

5. (a) Alle regte op edelgesteentes, edelmetale, onedele minerale en aardolie, soos in die mineraalwette beskryf, op of onder die plaas word uitdruklik aan die Staat voorbehou.

(b) Die eienaar van hierdie eiendom het nie die uitsluitende reg om na edelmetale of onedele minerale daarop te prospekteer nie en is nie te eniger tyd geregtig op 'n prospekteerlisensie kragtens artikel 12 van Wet 20 van 1967 ten opsigte van die eiendom nie.

(c) Enige beampte of werknemer van die Staat of enige persoon (en sy werknemers) wat ingevolge die mineraalwette geregtig is om prospekteer-, myn- of daarmee in verband staande werksaamhede op hierdie eiendom te verrig, kan te eniger tyd die eiendom betree ten einde sodanige werksaamhede daarop uit te voer.

(d) Enige beampte of werknemer van die Staat of enige persoon in besit van die nodige magtiging ingevolge die mineraalwette is geregtig om sodanige oppervlakte van hierdie eiendom vir prospekteer-, myn- of daarmee in verband staande doeleindes te gebruik as wat in sodanige magtiging vermeld word.

(e) Vir die gebruik van enige sodanige oppervlakte van die eiendom vir prospekteer-, myn- of daarmee in verband staande doeleindes word vergoeding slegs ooreenkomstig die bepalings van die mineraalwette betaal.

6. Die plaas is onderworpe aan die voorwaardes vervat in die titelbewyse van die oorspronklike plaas.

7. Die koopakte wat uitgereik sal word, sal sodanige verdere voorwaardes bevat as wat gewoonlik in transaksies van hierdie aard gestel word.

8. Enige koste wat die Staat ten opsigte van verbeterings op 'n plaas aangaan, asook opmeetkoste, sal by die koopprys daarvan gevoeg word.

9. Die Departement het alle pogings aangewend om die inligting hierbo so korrek moontlik te verstrek, maar is nie verantwoordelik vir moontlike onjuisthede hierin nie. Die eiendom sal voetstoots verkoop word. Van applikante word verwag dat hulle die plaas persoonlik sal inspekteer.

(28 Mei 1976)

NOTICE 341 OF 1976

Amendment of notice with regard to tariffs in respect of water supplied from Government water works for industrial and urban use:

The General Schedule to Government Notice 1338, as published in the Government Gazette of 11 July 1975, is hereby amended by substituting the following particulars regarding Olifants River (Loskop Dam) for the particulars under paragraph 18:

18. Olifants River (Loskop Dam):
By all consumers:

(a) For abstraction from Loskop Dam: R1,90.
(b) For abstraction from canals: R2,20.

(159/1/10)

(28 May 1976)

KENNISGEWING 341 VAN 1976

Wysiging van kennisgewing van tariewe wat gehef is ten opsigte van water wat vir nywerheids- en stedelike gebruik uit Staatswaterwerke verskaf word:

Die Algemene Bylae van Goewermentskennisgewing 1338, soos gepubliseer in die *Staatskoerant* van 11 Julie 1975, word hierby gewysig deur die besonderhede betreffende Olifantsrivier (Loskopdam) in paragraaf 18 te vervang deur die volgende besonderhede:

18. Olifantsrivier (Loskopdam):
Deur alle verbruikers:

(a) Vir onttrekking uit die Loskopdam: R1,90.
(b) Vir onttrekking uit die kanale: R2,20.

(159/1/10)

(28 Mei 1976)

NOTICE 342 OF 1976

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

APPLICATION FOR (1) WITHDRAWAL OF DETERMINATION MADE IN TERMS OF SECTION 76—IRON, STEEL, ENGINEERING AND METALLURGICAL INDUSTRIES—AND (2) DETERMINATION IN TERMS OF SECTION 76.—MOTOR INDUSTRY

It is hereby notified in terms of section 76 (5) of the above-mentioned Act that the employers Henred Fruehauf Trailers (Wadeville) (Pty) Ltd, Henred Fruehauf Trailers (Wynberg) (Pty) Ltd, Fruehauf Trailers Ltd, Transquip (Pty) Ltd, Henred Fruehauf Trailers (Natal) (Pty) Ltd and Henred Fruehauf Trailers (Cape) (Pty) Ltd have applied to the Industrial Tribunal—

(1) in terms of section 76 (8) of the said Act, for the withdrawal of the Determination made by the Industrial Tribunal on 9 July 1971, in connection with the manufacturing of trailers, semi-trailers, etc., particulars of which are contained in Government Notice R. 2238 of 10 December 1971;

(2) in terms of section 76 (3) of the said Act, for determination of the questions whether—

(a) the undermentioned classes of work, namely—

(i) manufacturing of trailers, but not including the manufacturing of wheels or axles therefor, and/or

(ii) manufacturing of tanks and/or tankers for bulk transportation by road of liquids and/or gases and/or solids when carried on in establishments laid out for and primarily engaged in the manufacture of trailers; carried out anywhere within the Republic of South Africa fall within the vehicle body building section of the Motor Industry as defined in the Main Agreement published under Government Notice R. 1055 of 21 June 1974; and

(b) the undermentioned classes of business, namely—

(i) manufacturing of tanks and/or tankers for bulk transportation by road of liquids and/or gases and/or solids except when carried on in establishments laid out for and primarily engaged in the manufacture of trailers;

(ii) assembling mobile concrete mixer units and/or the affixing and/or mounting thereof and/or of any ancillary equipment on mechanised chassis and/or trailers and/or semi-trailers when undertaken in conjunction with any of the activities falling within the definition of the Iron, Steel, Engineering and Metallurgical Industries as contained in the Agreement referred to hereunder; and

KENNISGEWING 342 VAN 1976

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

AANSOEK OM (1) INTREKKING VAN VASSTELLING GEMAAK KRAGTENS ARTIKEL 76—YSTER-, STAAL-, INGENIEURS- EN METALLURGIESE NYWERHEID—EN (2) VASSTELLING KRAGTENS ARTIKEL 76.—MOTORNYWERHEID

Hierby word ingevolge artikel 76 (5) van bogenoemde Wet bekendgemaak dat die werkgewers Henred Fruehauf Trailers (Wadeville) (Pty) Ltd, Henred Fruehauf Trailers (Wynberg) (Pty) Ltd, Fruehauf Trailers Ltd, Transquip (Pty) Ltd, Henred Fruehauf Trailers (Natal) (Pty) Ltd en Henred Fruehauf Trailers (Cape) (Pty) Ltd, by die Nywerheidshof aansoek gedoen het—

(1) kragtens artikel 76 (8) van gemelde Wet, om intrekking van die Vasstelling wat die Nywerheidshof op 9 Julie 1971 gemaak het, in verband met die vervaardiging van sleepwaens, leunwaens, ens., waarvan besonderhede in Goewermentskennisgewing R. 2238 van 10 Desember 1971 vervat is;

(2) kragtens artikel 76 (3) van gemelde Wet, om vasstelling van die vrae of—

(a) ondergemelde klasse werk, naamlik—

(i) die vervaardiging van sleepwaens, maar uitgesonderd die vervaardiging van wiele of asse daarvoor, en/of

(ii) die vervaardiging van laaitenks en/of tenkwaens vir die vervoer per pad van massahoeveelhede vloeistowwe en/of gasse en/of vaste stowwe wanneer dit uitgevoer word in bedryfsinrigtings wat aangelê is vir en wat hoofsaaklik betrokke is by die vervaardiging van sleepwaens;

wat op enige plek in die Republiek van Suid-Afrika uitgevoer word, in die voertuigbakbouseksie van die Motornywerheid soos omskryf in die Hoofooreenkoms gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 1055 van 21 Junie 1974, val; en

(b) ondergemelde klassebesigheid, naamlik:

(i) Die vervaardiging van laaitenks en/of tenkwaens vir die vervoer per pad van massahoeveelhede vloeistowwe en/of gasse en/of vaste stowwe, behalwe wanneer dit uitgevoer word in bedryfsinrigtings wat aangelê is vir en wat hoofsaaklik betrokke is by die vervaardiging van sleepwaens;

(ii) die inmekaarsit van mobiele betonmengereenhede en/of die aanhegting en/of die montering daarvan en/of van enige hulpuitrusting op gemeganiseerde onderstelle en/of sleepwaens en/of leunwaens wanneer dit onderneem word tesame met enige van die aktiwiteite wat val binne die omskrywing van die Yster-, Staal-, Ingenieurs- en Metallurgiese Nywerheid soos vervat in die Ooreenkoms hieronder bedoel; en

(iii) manufacturing of cabs and/or bodies and/or any superstructure for railway rolling stock and/or locomotives and/or other equipment designed to run on fixed tracks and/or the affixing of any such cabs and/or bodies and/or any superstructure to or on railway rolling stock and/or locomotives and/or other equipment designed to run on fixed tracks (and/or the equipping, furnishing and finishing of such railway rolling stock and/or locomotives and/or other equipment designed to run on fixed tracks and/or performing operations incidental to such equipping, furnishing and finishing when carried out by the employer engaged in such manufacturing and/or affixing);

carried out anywhere within the Republic of South Africa fall within the Iron, Steel, Engineering and Metallurgical Industries as defined in the Agreement published under Government Notice R. 479 of 29 March 1974.

For the purposes of this application—

"trailer" means a vehicle which is not self-propelled and which is designed or adapted to be drawn by a motor vehicle and includes a "semi-trailer";

"semi-trailer" means a trailer which has no front axle and which is so designed that at least 15 per cent of its tare is superimposed on and borne by the vehicle drawing such trailer.

Interested parties are hereby given the opportunity of submitting written representations to the Tribunal in regard to the matter. Such representations, in sevenfold, must be lodged with the Secretary, Industrial Tribunal, Private Bag X277, Pretoria, 0001, within three weeks after the date of publication hereof.

H. T. J. COETZEE, Secretary, Industrial Tribunal.

(28 Mei 1976)

NOTICE 346 OF 1976

CUSTOMS AND EXCISE TARIFF APPLICATIONS.—LIST 17/76

The following applications concerning the Customs and Excise Tariff have been received by the Board of Trade and Industries. Any objections to or comments on these representations must be submitted to the Board of Trade and Industries, Private Bag X342, Pretoria, 0001, within six weeks of the date of this notice.

Increase in the duty on:

(a) Tubular glass chimneys for paraffin refrigerators and oil or gas lamps, with a diameter not exceeding 90 mm, classifiable under tariff subheadings 70.14.20 and 70.14.30, from various rates of duty to 20 per cent *ad valorem*;

(b) conical glass chimneys for paraffin refrigerators and oil or gas lamps, with a diameter not exceeding 150 mm and a height not exceeding 150 mm, classifiable under tariff subheadings 70.14.20 and 70.14.30, from various rates of duty to 20 per cent *ad valorem*;

(c) glass bottles and vials with a capacity not exceeding 35 ml, classifiable under tariff subheading 70.10.90, from 15 per cent *ad valorem* to 35 per cent *ad valorem*; and

(d) glass ampoules, classifiable under tariff subheading 70.17.30, from 15 per cent *ad valorem* to 35 per cent ad *valorem*. [BTI Ref. T5/2/13/4/1 (B33/76).]

Applicant:

Baird & Tatlock Manufacturing Company (S.A.) (Pty) Ltd, P.O. Box 11128, Johannesburg, 2000.

For List 16/76 see General Notice 317, dated 14 May 1976.

(28 May 1976)

(iii) die vervaardiging van kajuite en/of bakke en/of enige soort bobou vir rollende material vir spoorweë en/of lokomotiewe en/of ander uitrusting wat ontwerp is om op vaste spore te loop en/of die aanhegting van enige sodanige kajuite en/of bakke en/of bobou aan of op rollende materiaal vir spoorweë en/of lokomotiewe en/of ander uitrusting wat ontwerp is om op vaste spore te loop (en/of die uitrusting, stoffering en afwerking van sodanige rollende materiaal vir spoorweë en/of lokomotiewe en/of ander uitrusting wat ontwerp is om op vaste spore te loop en/of die verrigting van alle werksaamhede wat gepaard gaan met sodanige uitrusting, stoffering en afwerking as dit uitgevoer word deur die werkgewer wat betrokke is by sodanige vervaardiging en/of aanhegting);

wat op enige plek in die Republiek van Suid-Afrika uitgevoer word, in die Yster-, Staal-, Ingenieurs-, en Metallurgiese Nywerheid soos omskryf in die Ooreenkoms gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 479 van 29 Maart 1974, val.

Vir die doeleindes van hierdie aansoek beteken—

"sleepwa" 'n voertuig wat nie selfaangedrewe is nie en wat ontwerp of aangepas is om deur 'n motorvoertuig getrek te word, en sluit dit 'n "leunwa" in;

"leunwa" 'n sleepwa wat geen vooras het nie en wat so ontwerp is dat minstens 15 persent van sy tarra opgelê is op en gedra word deur die voertuig wat sodanige sleepwa trek.

Belanghebbendes word hierby die geleentheid gebied om skriftelike vertoë in verband met die saak by die Nywerheidshof in te dien. Sodanige vertoë, in sewevoud, moet binne drie weke na die datum van publikasie hiervan by die Sekretaris, Nywerheidshof, Privaatsak X277, Pretoria, 0001, ingedien word.

H. T. J. COETZEE, Sekretaris, Nywerheidshof.

(28 May 1976)

KENNISGEWING 346 VAN 1976

DOEANE- EN AKSYNSTARIEFAANSOEKE.—LYS 17/76

Onderstaande aansoeke betreffende die Doeane- en Aksynstarief is deur die Raad van Handel en Nywerheid ontvang. Enige besware teen of kommentaar op hierdie vertoë moet binne ses weke na die datum van hierdie kennisgewing aan die Raad van Handel en Nywerheid, Privaatsak X342, Pretoria, 0001, gerig word.

Verhoging van die reg op:

(a) Buisvormige lampglase vir paraffienkoelkaste en olie- of gaslampe, met 'n deursnee van hoogstens 90 mm, indeelbaar by tariefsubposte 70.14.20 en 70.14.30, van verskeie skale van reg tot 20 persent *ad valorem*;

(b) kegelvormige lampglase vir paraffienkoelkaste en olie- of gaslampe, met 'n deursnee van hoogstens 150 mm en 'n hoogte van hoogstens 150 mm, indeelbaar by tariefsubposte 70.14.20 en 70.14.30, van verskeie skale van reg tot 20 persent *ad valorem*;

(c) glasbottels en -buisflessies met 'n inhoudsvermoë van hoogstens 35 ml, indeelbaar by tariefsubpos 70.10.90, van 15 persent *ad valorem* tot 35 persent *ad valorem;* en

(d) glasampulle, indeelbaar by tariefsubpos 70.17.30, van 15 persent *ad valorem* tot 35 persent *ad valorem.* [RHN-verw. T5/2/13/4/1 (B33/76).]

Applikant:

Baird & Tatlock Manufacturing Company (S.A.) (Pty) Ltd, Posbus 11128, Johannesbug, 2000.

Kyk Algemene Kennisgewing 317 van 14 Mei 1976 vir Lys 16/76.

(28 Mei 1976)

NOTICE 344 OF 1976

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

DEMARCATION IN TERMS OF SECTION 76.— BUILDING AND MONUMENTAL MASONRY INDUSTRIES, TRANSVAAL

It is hereby notified in terms of section 76 (5) of the above-mentioned Act that the Industrial Council for the Building Industry (Transvaal), (hereinafter referred to as the "Council"), has, in terms of section 76 (3) of the said Act, applied to the Industrial Tribunal for determination of the question whether—

(a) the Municipality of Johannesburg in its capacity as an employer and its relevant employees are or were engaged in the Building and Monumental Masonry Industries as defined in the Agreements for the Building and Monumental Masonry Industries, Transvaal, published under Government Notices R. 1828 of 13 October 1972 and R. 1956 of 17 October 1975, as amended and extended, by virtue of the building work undertaken by them within the Council's area of jurisdiction such as, inter alia, the erection and completion of houses, civic centres, clinics and other similar structures in the township of Eldorado Park; and

(b) the Agreements published under Government Notices R. 1828 of 13 October 1972 and R. 1956 of 17 October 1975, as amended and extended, are or were binding on the said employer and its relevant employees in respect of the aforesaid building work.

Interested parties are hereby given the opportunity of submitting written representations to the Tribunal in regard to the matter. Such representations, in sevenfold, must be lodged with the Secretary, Industrial Tribunal, Private Bag X277, Pretoria, 0001, within 21 days after the date of publication hereof.

H. T. J. COETZEE, Secretary, Industrial Tribunal.
(28 May 1976)

KENNISGEWING 344 VAN 1976

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

AFBAKENING KRAGTENS ARTIKEL 76.— BOU- EN MONUMENTKLIPMESSELNYWERHEID, TRANSVAAL

Hierby word ingevolge artikel 76 (5) van bogemelde Wet bekendgemaak dat die Nywerheidsraad vir die Bounywerheid (Transvaal), (hierna die "Raad" genoem), kragtens artikel 76 (3) van gemelde Wet by die Nywerheidshof aansoek gedoen het om vasstelling van die vraag of—

(a) die Munisipaliteit van Johannesburg in sy hoedanigheid as 'n werkgewer en sy betrokke werknemers betrokke is of was by die Bou- en Monumentklipmesselnywerheid soos omskryf in die Ooreenkomste vir die Bou- en Monumentklipmesselnywerheid, Transvaal, gepubliseer by Goewermentskennisgewings R. 1828 van 13 Oktober 1972 en R. 1956 van 17 Oktober 1975, soos gewysig en verleng, uit hoofde van bouwerk wat hulle binne die Raad se regsgebied onderneem soos, onder andere, die oprigting en voltooiing van huise, burgersentrums, klinieke en ander soortgelyke bouwerke in die dorpsgebied van Eldorado Park; en

(b) die Ooreenkomste gepubliseer by Goewermentskennisgewings R. 1828 van 13 Oktober 1972 en R. 1956 van 17 Oktober 1975, soos gewysig en verleng, vir genoemde werkgewer en sy betrokke werknemers bindend is of was ten opsigte van voornoemde bouwerk.

Belanghebbendes word hierby die geleentheid gebied om skriftelike vertoë in verband met die saak by die Nywerheidshof in te dien. Sodanige vertoë, in sewevoud, moet binne 21 dae na die datum van publibasie hiervan by die Sekretaris, Nywerheidshof, Privaatsak X277, Pretoria, 0001, ingedien word.

H. T. J. COETZEE, Sekretaris, Nywerheidshof.
(28 Mei 1976)

NOTICE 345 OF 1976

AIR SERVICES ACT, 1949 (ACT 51 OF 1949), AS AMENDED

Pursuant to the provisions of section 5 (a) and (b) of Act 51 of 1949 and regulation 5 of the Civil Air Services Regulations, 1964, it is hereby notified for general information that the applications, details of which appear in the Schedules hereto, will be heard by the National Transport Commission.

Representations in accordance with section 6 (1) of Act 51 of 1949 in support of, or in opposition to, an application, should reach the Secretary for Transport (Division of Civil Aviation), Private Bag X193, Pretoria, 0001, within 21 days of the date of publication hereof stating whether the party or parties making such representation intend to be present or represented at the hearing.

The Commission will cause notice of the time, date and place of the hearing to be given in writing to the applicant and all parties who have made representations as aforesaid and who desire to be present or represented at the hearing.

SCHEDULE B

SCHEDULE OF APPLICATIONS FOR RENEWAL OF LICENCES

(A) Name and address of applicant. (B) Name under which the air service is being operated. (C) Class of air service in respect of which renewal is sought and number

KENNISGEWING 345 VAN 1976

DEPARTEMENT VAN VERVOER

WET OP LUGDIENSTE, 1949 (WET 51 VAN 1949), SOOS GEWYSIG

Hierby word ingevolge die bepalings van artikel 5 (a) en (b) van Wet 51 van 1949 en regulasie 5 van die Regulasies vir Burgerlugdienste, 1964, vir algemene inligting bekendgemaak dat die Nasionale Vervoerkommissie die aansoeke waarvan besonderhede in die Bylaes hieronder verskyn, sal aanhoor.

Vertoë ingevolge artikel 6 (1) van Wet 51 van 1949 ter ondersteuning of bestryding van 'n aansoek moet die Sekretaris van Vervoer (Afdeling Burgerlugvaart), Privaatsak X193, Pretoria, 0001, binne 21 dae na die datum van publikasie hiervan bereik en daarin moet gemeld word of die persoon of persone wat aldus vertoë rig, van plan is om die verrigtings by te woon of om daar verteenwoordig te word.

Die Kommissie sal reël dat kennis van die datum, tyd en plek van die verrigtings skriftelik gegee word aan die applikant en al die persone wat aldus vertoë gerig het en wat verlang om aldus verteenwoordig of teenwoordig te wees.

BYLAE B

LYS VAN AANSOEKE OM HERNUWING VAN LISENSIES

(A) Naam en adres van applikant. (B) Naam waaronder die lugdiens geëksploiteer word. (C) Soort lugdiens ten opsigte waarvan hernuwing aangevra word en die

and date of existing licence. (D) Particulars of licence. (i) Base(s). (ii) Route(s) and frequencies to be served. (iii) Area to be served. (iv) Types and classes of traffic to be conveyed. (v) Types of training to be provided. (vi) Types of work to be undertaken. (vii) Tariff of charges. (E) Aircraft to be used.

(A) Frank van Rensburg, P.O. Box 641, Vanderbijlpark, 1900. (B) Frank van Rensburg. (C) Aerial Work Air Service Licence 758 dated 18 May 1971. (D) (vi) Cropspraying and dusting. (vii) R2,20 per ha for ordinary spraying; dusting according to rate of application. (E) Piper PA25-235 ZS-IKK and Cessna A 188B ZS-JDH.

SCHEDULE D

LIST OF APPLICATIONS FOR THE ALTERATION, MODIFICATION OR AMENDMENT OF LICENCES

(A) Name and address of applicant. (B) Name under which the air service is operated. (C) Particulars of the licence and of the alteration, modification or amendment thereto or the conditions thereof which has been applied for.

(A) Air Cape (Pty) Ltd, P.O. Box 3622, Cape Town, 8000. (B) Air Cape (Pty) Ltd. (C) Non-scheduled Air Transport Service Licence 378. Under "Tariff of charges"; delete existing tariffs and add: "Up to 24c per km or R39 per hour in respect of Piper PA28-140, 35c per km or R102,50 per hour in respect of Piper PA30, 44c per km or R139,70 per hour in respect of Cessna 310, Beech B58, E55 and D50E, R1,21 per km or R311 per hour in respect of Douglas DC3, R2,44 per km or R557,50 per hour in respect of Hawker-Siddeley 758 Series 2A".

(A) Air Cape (Pty) Ltd, P.O. Box 3622, Cape Town, 8000. (B) Air Cape (Pty) Ltd. (C) Flying Training Air Service Licence 506. Under "Aircraft to be used", delete: "Piper PA31 (ZS-MWM, Piper PA28-180 ZS-EXZ, Cessna 337 ZS-EDF, Cessna 150J ZS-FNP, Cessna A150L ZS-ILG and De Havilland DHT10 ZS-DIU" and add: "Douglas DC3-C ZS-EDX, ZS-EYN and ZS-EYO, Beech D50E ZS-CYX, Cessna 310I ZS-EEF, Cessna 310P ZS-FPV, Piper PA30 ZS-FVP and ZS-ICB". Under "Tariff of charges", add: "Douglas DC3-C up to R311 per hour, Beech D50E, Cessna 310Z and Cessna 310P up to R139,70 per hour single, R161,70 dual and Piper PA30 up to R102,50 per hour single, R124,50 dual".

(A) Avex Air Charter (Pty) Ltd, P.O. Box 3, Rand Airport, 1419. (B) Avex Air Charter (Pty) Ltd. (C) Non-scheduled Air Transport Service Licence 546. Under "Aircraft to be used", delete: "Beech 58 ZS-HWW and Piper PA23-350" and add: "Piper PA31-350 ZS-NOT and Cessna 411 ZS-JRK".

(A) Frank van Rensburg, P.O. Box 641, Vanderbijlpark, 1900. (B) Frank van Rensburg. (C) Aerial Work Air Service Licence 758. Under "Aircraft to be used", add: "Cessna A188B ZS-JDH".

(A) Namakwaland Lugdiens (Pty) Ltd, P.O. Box 28, Springbok, 8240. (B) Namakwaland Lugdiens (Pty) Ltd. (C) Non-scheduled Air Transport Service Licence 520. Under "Tariff of charges", delete present tariff and add: "32c to 35c per km in respect of Piper PA38 and Piper PA30, 40c to 44c per km in respect of Cessna 310N, Piper PA23-250, Beech E55, Beech 58 and Beech 95-B55, 52c to 57c per km in respect of Piper PA31, 26,5c to 29c per km in respect of Cessna U206G, Cessna U206F and Cessna 172F".

(A) National Airways Corporation (Natal) (Pty) Ltd, P.O. Box 20070, Durban North, 4016. (B) National Airways Corporation (Natal) (Pty) Ltd. (C) Aerial Work Air Service Licence 817. Under "Aircraft to be used", delete: "Beech 95-B55 ZS-YLP, Beech 36 ZS-FLX, ZS-

nommer en datum van bestaande lisensie. (D) Besonderhede van lisensie. (i) Basis(se) (ii) Roete(s) en frekwensie(s) wat bedien gaan word. (iii) Gebied wat bedien gaan word. (iv) Soort verkeer wat vervoer gaan word. (v) Soort opleiding wat verskaf gaan word. (vi) Soort werk wat onderneem gaan word. (vii) Tariefskaal. (E) Lugvaartuie wat gebruik gaan word.

(A) Frank van Rensburg, Posbus 641, Vanderbijlpark, 1900. (B) Frank van Rensburg. (C) Handelslugdienslisensie 758 gedateer 18 Mei 1971. (D) (vi) Gewasbespuiting en -bestuiwing. (vii) R2,20 per ha vir gewone bespuiting; bestuiwing ooreenkomstig toedieningstempo. (E) Piper PA25-235 ZS-IKK and Cessna A188B ZS-JDH.

BYLAE D

LYS VAN AANSOEKE OM DIE VERANDERING OF WYSIGING VAN LISENSIES

(A) Naam en adres van applikant. (B) Naam waaronder die lugdiens geëksploiteer word. (C) Besonderhede betreffende die lisensie en die verandering of wysiging daarvan of die voorwaardes daarvan ten opsigte waarvan aansoek gedoen is.

(A) Air Cape (Edms.) Bpk., Posbus 3622, Kaapstad, 8000. (B) Air Cape (Edms.) Bpk. (C) Nie-vasgesteldelugvervoerdienslisensie 378. Onder "Tariefskaal", skrap huidige tariewe en voeg by: "Tot 24c per km of R39 per uur ten opsigte van Piper PA28-140, 35c per km of R102,50 per uur ten opsigte van Piper PA30, 44c per km of R139,70 per uur ten opsigte van Cessna 310, Beech B58, E55 en D50E, R1,21 per km of R311 per uur ten opsigte van Douglas DC3, R2,44 per km of R557,50 per uur ten opsigte van Hawker-Siddeley 758 Series 2A".

(b) the moneys recieved and expended by the Corporation; and

(c) the assets, credits and liabilities of the Corporation.

(2) The books referred to in subregulation (1) shall be kept in the head office of the Corporation and at such place or places as the Board may deem fit and shall be open for inspection by the Minister or any person duly authorised by him or by the Board.

(3) The Board shall after consultation with the auditor issue instructions in respect of the collection, receipt, banking, custody, payment, maintenance and control of moneys and of the acquisition, custody and control of property.

Official seal and the use thereof

23. There shall be an official seal of the Corporation upon which its name shall be engraved in legible characters in the official languages of the Ciskei.

24. The use of the official seal shall be subject to the following requirements:

(a) It shall not be affixed to any document except on the authority of a resolution of the Board;

(b) it shall not be so affixed except in the presence of two directors and the secretary or such other person as the Board may authorise thereto in such resolution;

(c) the said two directors and the secretary or such other person shall, in the presence of one another, sign every document to which the official seal is so affixed.

25. Every document to which the official seal has been affixed in terms of these regulations shall be binding on the Corporation.

26. The Board shall make suitable provision for the safe-keeping of the official seal.

Submission to the Trustee of balance sheet, statement of income and expenditure and report by the Board

27. The balance sheet, statement of income and expenditure and the report by the Board submitted to the Trustee in terms of section 22 of the Act shall be signed by two directors and the secretary.

Service of notices

28. A notice of the Corporation or the Board to a director, alternate director or any other person shall be served by the chairman or the secretary—

(a) by informing him personally of the text of the notice; or

(b) by handing the notice to him personally; or

(c) by posting a registered letter, containing the notice and properly addressed and franked, to—

(i) the director or alternate director at the registered address indicated by him for this purpose in terms of regulation 19 (c); and

(ii) any other person at his last known address.

29. A notice served by post in terms of regulation 28 (c) shall be deemed to have been served at the time at which the letter would be delivered in the normal course of mail delivery.

22. (1) Die Raad moet sodanige rekeningboeke laat hou as wat nodig is om 'n ware en juiste weergawe te bied van—

(a) die stand van sake, die transaksies en finansiële toestand van die Korporasie;

(b) die gelde ontvang en bestee deur die Korporasie; en

(c) die bates, kredits en laste van die Korporasie.

(2) Die boeke in subregulasie (1) genoem, moet in die hoofkantoor van die Korporasie gehou word en wel op 'n plek of plekke wat die Raad goed ag en lê ter insae vir die Minister of enige persoon behoorlik deur hom of deur die Raad daartoe gemagtig.

(3) Die Korporasie moet na oorlegpleging met die ouditeur voorskrifte uitreik oor die invordering, ontvangs, bank, bewaring, uitbetaling, versorging en beheer van gelde en oor die verkryging, bewaring en beheer van eiendom.

Amptelike seël en die gebruik daarvan

23. Daar moet 'n amptelike seël van die Korporasie wees waarop sy naam in leesbare letters in die amptelike tale van die Ciskei gegraveer moet wees.

24. Die gebruik van die amptelike seël is onderworpe aan die volgende voorskrifte:

(a) Dit mag nie op 'n dokument aangebring word nie tensy magtiging by besluit van die Raad daartoe verleen is;

(b) dit mag nie aldus aangebring word nie tensy dit geskied in teenwoordigheid van twee direkteure en die sekretaris of 'n ander persoon wat die Raad in sodanige besluit daartoe magtig;

(c) genoemde twee direkteure en die Sekretaris of sodanige ander persoon moet, in mekaar se teenwoordigheid, elke dokument onderteken waarop die amptelike seël aldus aangebring word.

25. Elke dokument waarop die amptelike seël ooreenkomstig hierdie regulasies aangebring is, is bindend vir die Korporasie.

26. Die Raad moet behoorlike voorsiening maak vir die veilige bewaring van die amptelike seël.

Voorlegging aan die Trustee van balansstaat, staat van inkomste en uitgawe en verslag deur die Raad

27. Die balansstaat, staat van inkomste en uitgawe en die verslag deur die Raad wat ingevolge artikel 22 van die Wet aan die Trustee voorgelê moet word, moet deur twee direkteure en die sekretaris onderteken wees.

Betekening van kennisgewings

28. 'n Kennisgewing van die Korporasie of die Raad aan 'n direkteur, plaasvervangende direkteur of enige ander persoon moet deur die voorsitter of die sekretaris beteken word—

(a) deur hom persoonlik van die teks van die kennisgewing te verwittig; of

(b) deur die kennisgewing aan hom persoonlik te oorhandig; of

(c) deur 'n geregistreerde brief, met die kennisgewing daarin, behoorlik te adresseer en te frankeer en te pos aan—

(i) die direkteur of plaasvervangende direkteur by die geregistreerde adres deur hom vir dié doel ingevolge regulasie 19 (c) aangedui; en

(ii) enige ander persoon by sy jongsbekende adres.

29. 'n Kennisgewing wat per pos ooreenkomstig regulasie 28 (c) beteken word, word geag beteken te gewees het op die tydstip waarop die brief in die gewone loop van posaflewering afgelewer sou word.

Consultation with Government of Ciskei

30. The Corporation may in respect of any project in the area for which it was established consult with the Government of the Ciskei if it deems it necessary within the scope of its operations.

Interim arrangements

31. Notwithstanding the provisions of these regulations, the Minister may take such steps as hy may deem necessary to convene the first meeting of the Board.

No. R. 906 28 May 1976

REGULATIONS.—TRANSKEI DEVELOPMENT CORPORATION LIMITED

Under and by virtue of the powers vested in me by section 26 of the Promotion of the Economic Development of Bantu Homelands Act, 1968 (Act 46 of 1968), I, Michiel Coenraad Botha, Minister of Bantu Administration and Development, hereby make the regulations contained in the Schedule hereto in respect of the Transkei Development Corporation Limited, established by Proclamation R. 50 of 1976.

M. C. BOTHA, Minister of Bantu Administration and Development.

SCHEDULE

Definitions

1. In these regulations, unless the context otherwise indicates, any expression to which a meaning has been assigned in the Promotion of the Economic Development of Bantu Homelands Act, 1968 (Act 46 of 1968), shall bear the meaning so assigned thereto, and—

"Act" means the Promotion of the Economic Development of Bantu Homelands Act, 1968 (Act 46 of 1968);

"auditor" means the person appointed in terms of section 21 (2) of the Act to audit the accounts of the Corporation;

"Board" means the board of directors of the Corporation, appointed in terms of section 9 of the Act;

"Corporation" means the Transkei Development Corporation Limited, established by Proclamation R. 50 of 1976;

"director" means a director of the Corporation, appointed in terms of section 9 of the Act;

"secretary" means the person appointed by the Board to perform the duties of secretary.

Head office

2. The head office of the Corporation shall be situated in Umtata until such time as the Minister after consultation with the Corporation determines otherwise.

Financial year

3. The financial year of the Corporation shall end on 31 March of each year.

Matters to be submitted to the Trustee for decision

4. The Board shall submit to the Trustee for decision—

(a) any matter which the Trustee is required in terms of the Act to decide upon, approve or determine;

(b) any matter which the Trustee may in terms of section 24 of the Act require the Board to submit to him;

(c) any matter arising from the operation of the Act or these regulations or the exercise by the Board of its powers or the performance of its duties which it is deemed expedient to submit to the Trustee.

Oorlegpleging met Regering van Ciskei

30. Die Korporasie kan ten opsigte van enige projek in die gebied waarvoor hy ingestel is met die Regering van die Ciskei oorleg pleeg indien hy dit binne die bestek van sy werksaamhede nodig ag.

Tussentydse reëlings

31. Ondanks die bepalings van hierdie regulasies, kan die Minister die stappe doen wat hy nodig ag ten einde die eerste vergadering van die Raad te belê.

No. R. 906 28 Mei 1976

REGULASIES.—TRANSKEI-ONTWIKKELINGS-KORPORASIE BEPERK

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 26 van die Wet op die Bevordering van die Ekonomiese Ontwikkeling van Bantoetuislande, 1968 (Wet 46 van 1968), vaardig ek, Michiel Coenraad Botha, Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, hierby die regulasies vervat in die Bylae hiervan uit ten opsigte van die Transkei-ontwikkelingskorporasie Beperk, ingestel by Proklamasie R. 50 van 1976.

M. C. BOTHA, Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling.

BYLAE

Woordomskrywing

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Wet op die Bevordering van die Ekonomiese Ontwikkeling van Bantoetuislande, 1968 (Wet 46 van 1968), geheg is, die betekenis aldus daaraan geheg, en beteken—

"direkteur" 'n direkteur van die Korporasie ingevolge artikel 9 van die Wet aangestel;

"Korporasie" die Transkei-ontwikkelingskorporasie Beperk wat by Proklamasie R. 50 van 1976 ingestel is;

"ouditeur" die persoon wat ingevolge artikel 21 (2) van die Wet benoem is om die rekeninge van die Korporasie te ouditeer;

"Raad" die raad van direkteure van die Korporasie ingevolge artikel 9 van die Wet aangestel;

"sekretaris" die persoon deur die Raad aangestel om die pligte van die sekretaris te vervul;

"Wet" die Wet op die Bevordering van die Ekonomiese Ontwikkeling van Bantoetuislande, 1968 (Wet 46 van 1968).

Hoofkantoor

2. Die hoofkantoor van die Korporasie is in Umtata geleë tot tyd en wyl die Minister na oorleg met die Korporasie anders bepaal.

Boekjaar

3. Die boekjaar van die Korporasie eindig op 31 Maart van elke jaar.

Aangeleenthede wat aan die Trustee vir beslissing voorgelê moet word

4. Die Raad lê die volgende aan die Trustee vir sy beslissing voor:

(a) Enige aangeleentheid waaroor die Trustee moet beslis of wat hy moet goedkeur of bepaal, ingevolge die Wet;

(b) enige aangeleentheid wat die Raad aan die Trustee moet voorlê indien die Trustee dit ingevolge artikel 24 van die Wet vereis;

(c) enige aangeleentheid wat uit die toepassing van die Wet of hierdie regulasies of die uitoefening, deur die Raad, van sy bevoegdhede of die vervulling van sy pligte voortspruit en waarvan voorlegging aan die Trustee dienstig geag word.

Procedure to be followed to obtain the Trustee's decision

5. Any matter submitted to the Trustee in terms of regulation 4—

(a) shall be submitted to the Minister, unless the Minister determines otherwise;

(b) shall be in writing;

(c) shall, if it is not a copy of a resolution by the Board or an extract from the minutes of a meeting of the Board, duly certified by the chairman and the secretary, be accompanied by a resolution of the Board which shall be certified as such and which shall contain a recommendation by or the views of the Board; and

(d) shall, if any director so desires, be accompanied by a separate report by such director:

Provided that the Minister may direct that any particular matter shall be submitted in such other manner as he may deem fit.

Conditions attaching to office of director

6. The period of office of the directors and of the chairman of the Board and the remuneration of a director shall be as determined by the Trustee in terms of section 13 of the Act.

7. A director shall be compensated on a basis as determined by the Board for all travelling and other expenses necessarily incurred in connection with the business of the Corporation and attendance at meetings of the Board.

8. The office of a director shall be deemed to have been vacated—

(a) upon the death of such director; or

(b) upon the expiration of his period of office; or

(c) upon receipt by the Board of his resignation as a director, provided that he shall have given 30 days' notice, in writing, to the Board of his intention to resign and provided further that such resignation is accepted by the Board; or

(d) if for a period of six consecutive months he fails, without leave of absence having been granted by the Board, to attend the meetings of the Board unless he is absent in connection with the business of the Corporation; or

(e) if he is subject to an order of court declaring him to be of unsound mind or mentally ill or is lawfully detained as mentally ill under the Mental Health Act, 1973 (Act 18 of 1973); or

(f) if he becomes insolvent or assigns his estate for the benefit of or compounds with his creditors; or

(g) if he is directly or indirectly concerned in any contract with the Corporation or shares in the profits of any contract with the Corporation: Provided that he shall not vacate his office if he has informed the Board of the nature and extent of his interest in such contract and he does not vote in respect of such contract or any matter arising therefrom.

Powers and duties of directors

9. It shall be competent for the Board at a duly constituted meeting, at which a quorum is present, to exercise and perform all or any of the powers and duties under the Act or these regulations which for the time being are vested in or may be exercised or performed by the Corporation.

10. A resolution, in writing, signed by all the directors, shall have the same force and effect as a resolution adopted at a duly convened and constituted meeting of the Board.

Prosedure wat gevolg moet word om Trustee se beslissing te verkry

5. Enige aangeleentheid wat ingevolge regulasie 4 aan die Trustee voorgelê word—

(a) moet aan die Minister voorgelê word, tensy die Minister anders bepaal;

(b) moet skriftelik voorgelê word;

(c) moet, indien dit nie 'n afskrif is nie van 'n besluit van die Raad of 'n uittreksel uit die notule van 'n vergadering van die Raad, behoorlik deur die voorsitter en die sekretaris gesertifiseer, vergesel gaan van 'n besluit van die Raad wat as sodanig gesertifiseer moet wees en wat 'n aanbeveling deur of die sienswyse van die Raad moet bevat; en

(d) moet, indien 'n direkteur dit verlang, vergesel gaan van 'n afsonderlike verslag deur sodanige direkteur:

Met dien verstande dat die Minister kan gelas dat enige bepaalde aangeleentheid voorgelê moet word op 'n ander wyse wat hy goed ag.

Voorwaardes verbonde aan amp van direkteur

6. Die ampstermyn van die direkteure en van die voorsitter van die Raad en die besoldiging van 'n direkteur is soos deur die Trustee ingevolge artikel 13 van die Wet bepaal.

7. 'n Direkteur ontvang, volgens 'n grondslag deur die Raad bepaal, vergoeding vir alle reis- en ander koste noodsaaklikerwys aangegaan in verband met die sake van die Korporasie en die bywoning van vergaderings van die Raad.

8. Die amp van 'n direkteur word geag ontruim te wees—

(a) by die afsterwe van sodanige direkteur; of

(b) by verstryking van sy ampstermyn; of

(c) wanneer die Raad sy bedanking as direkteur ontvang, mits hy 30 dae skriftelik kennis aan die Raad gegee het van sy voorneme om te bedank en verder mits die Raad sodanige bedanking aanvaar; of

(d) indien hy vir 'n tydperk van ses agtereenvolgende maande versuim, sonder dat die Raad afwesigheidsverlof toegestaan het, om die vergaderings van die Raad by te woon tensy hy in verband met die sake van die Korporasie afwesig is; of

(e) indien hy onderworpe is aan 'n hofbevel wat hom kranksinnig of geestesongesteld verklaar, of indien hy wettiglik kragtens die Wet op Geestesgesondheid, 1973 (Wet 18 van 1973), as geestesongesteld aangehou word; of

(f) indien hy insolvent raak of van sy boedel afstand doen ten voordele van of 'n akkoord tref met sy krediteure; of

(g) indien hy regstreeks of onregstreeks betrokke is by 'n kontrak met die Korporasie of deel het in die winste van enige kontrak met die Korporasie: Met dien verstande dat hy nie sy amp ontruim nie indien hy die Raad van die aard en omvang van sy belange in sodanige kontrak verwittig het en nie ten opsigte van sodanige kontrak of enige aangeleentheid wat daaruit voortspruit, stem nie.

Bevoegdhede en pligte van direkteure

9. Die Raad is bevoeg om op 'n behoorlik gekonstitueerde vergadering, waarop 'n kworum teenwoordig is, al die of enige van die bevoegdhede en pligte ingevolge die Wet of hierdie regulasies uit te oefen en te vervul wat, of waarvan die uitoefening en vervulling, asdan by die Korporasie berus.

10. 'n Skriftelike besluit, deur al die direkteure onderteken, het dieselfde regskrag en geldigheid as 'n besluit geneem op 'n behoorlik belegde en gekonstitueerde vergadering van die Raad.

11. (1) The Board may enter into an agreement with the Xhosa Development Corporation that the Xhosa Development Corporation make available officers and employees to the Corporation on the conditions which apply to personnel of the Xhosa Development Corporation.

(2) The Board may from time to time entrust to or confer upon any officer or employee of the Corporation or any officer or employee made available to the Corporation in terms of subregulation (1) such duties or powers as the Board may deem desirable or necessary to be exercised or performed for any particular object or purpose and upon such terms and conditions and with such restrictions or reservations as the Board may deem expedient, and may add to, vary or revoke all or any of such powers or duties.

12. (1) The Board may in its discretion, appoint a committee consisting of such director or directors as it may designate to exercise such powers or perform such duties on behalf of the Corporation as the Board may deem desirable or expedient.

(2) Any committee appointed in terms of subregulation (1) shall in the exercise of its powers or the performance of its duties conform and adhere to such rules, terms and conditions as the Board may from time to time determine and shall record its acts and proceedings in the same manner as is required of the Board.

Quorum and procedure at meetings of the Board

13. The quorum required for the transaction of the business of the Board shall be a majority of the serving directors.

14. As far as practicable meetings of the Board shall be held monthly, but not fewer than six meetings a year shall be held: Provided that the secretary shall at the request of any director at any time convene a meeting of the Board.

15. The Board shall appoint the time and place for its meetings, and may meet for the dispatch of business, adjourn and otherwise regulate its meetings as it may deem fit.

16. At least 10 days' notice of the date, time and place of a meeting of the Board shall be given to each director or alternate director, as the case may be, and such notice shall be served in the manner provided for in regulation 28: Provided that the chairman may authorise a notice of such shorter period as he may determine in respect of a meeting deemed by him to be urgent.

17. The chairman shall preside at all meetings of the Board: Provided that if on the date and at the place appointed for a meeting the chairman is not present within 10 minutes after the time appointed for the commencement of that meeting, the directors then present may elect one of their number to act as chairman for that meeting.

18. (1) No resolution of the Board shall be binding unless it has been passed by a majority of votes.

(2) In the case of an equality of votes the chairman shall have a second or casting vote.

Keeping of registers, records and books of account

19. The Corporation shall keep, at its head office, a register of directors and alternate directors, if any, in which shall be recorded the following particulars in respect of each director or alternate director:

(a) His full name;

(b) the date of his appointment and the period for which he was appointed;

11. (1) Die Raad kan met die Xhosa-ontwikkelingskorporasie ooreenkom dat die Xhosa-ontwikkelingskorporasie amptenare en werknemers aan die Korporasie beskikbaar stel op die voorwaardes wat op personeel van die Xhosa-ontwikkelingskorporasie van toepassing is.

(2) Die Raad kan van tyd tot tyd enige amptenaar of werknemer van die Korporasie of enige amptenaar of werknemer wat ingevolge subregulasie (1) aan die Korporasie beskikbaar gestel is, belas of beklee met pligte of bevoegdhede waarvan die vervulling of uitoefening na die Raad se mening wenslik of noodsaaklik is vir 'n bepaalde oogmerk of doel, en wel op die bedinge en voorwaardes en met die beperkings of voorbehoude wat die Raad dienstig ag, en kan al of enige van sodanige pligte of bevoegdhede uitbrei, verander of herroep.

12. (1) Die Raad kan na goedvinde 'n komitee aanstel wat bestaan uit sodanige direkteur of direkteure as wat hy aanwys, om namens die Korporasie die bevoegdhede uit te oefen of die pligte te vervul wat die Raad wenslik of dienstig ag.

(2) 'n Komitee wat ingevolge subregulasie (1) aangestel is, moet in die uitoefening van sy bevoegdhede of die vervulling van sy pligte die reëls, bedinge en voorwaardes wat die Raad van tyd tot tyd mag bepaal, nakom en hom daaraan hou en moet sy handelinge en verrigtinge notuleer op dieselfde wyse as wat van die Raad vereis word.

Kworum en prosedure op vergaderings van die Raad

13. Die vereiste kworum vir die verrigting van die sake van die Raad is 'n meerderheid van die dienende direkteure.

14. Sover doenlik word vergaderings van die Raad elke maand gehou, maar minstens ses vergaderings per jaar moet gehou word: Met dien verstande dat die sekretaris te eniger tyd op versoek van 'n direkteur 'n vergadering van die Raad moet belê.

15. Die Raad bepaal die tyd en plek vir sy vergaderings en kan na goeddunke vir die afhandeling van sake vergader, sy vergaderings verdaag en andersins reël.

16. Minstens 10 dae kennis van die datum, tyd en plek van 'n vergadering van die Raad moet aan elke direkteur of plaasvervangende direkteur, na gelang van die geval, gegee word en sodanige kennisgewing moet beteken word op die wyse in regulasie 28 bepaal: Met dien verstande dat die voorsitter magtiging kan verleen tot kennisgewing van 'n korter tydperk wat hy mag vasstel ten opsigte van 'n vergadering wat hy as dringend beskou.

17. Die voorsitter neem die voorsitterstoel op alle vergaderings van die Raad in: Met dien verstande dat as die voorsitter op die datum en plek wat vir 'n vergadering bepaal is binne 10 minute na die vasgestelde tyd vir die aanvang van daardie vergadering nie teenwoordig is nie, die teenwoordige direkteure een uit hulle geledere kan kies om vir daardie vergadering as voorsitter op te tree.

18. (1) Geen besluit van die Raad is bindend nie tensy dit by meerderheid van stemme aangeneem is.

(2) In die geval van 'n staking van stemme het die voorsitter 'n tweede of beslissende stem.

Hou van registers, rekords en rekeningboeke

19. Die Korporasie moet op sy hoofkantoor 'n register hou van direkteure en plaasvervangende direkteure, as daar is, waarin die volgende besonderhede ten opsigte van elke direkteur of plaasvervangende direkteur opgeteken moet word:

(a) Sy volle naam;

(b) die datum van sy aanstelling en die tydperk waarvoor hy aangestel is;

(c) his residential and business addresses, one of which shall be indicated by such director or alternate director as his registered address for the purpose of the service of notices in terms of regulation 28;

(d) his occupation;

(e) in respect of an alternate director, the name of the director in whose place he acts as director; and

(f) the date upon which he ceased to hold office.

20. Every director present at any meeting of the Board shall sign his name in a book which shall be kept for this purpose.

21. The Board shall cause written records to be kept in suitable registers in which the following particulars shall be recorded:

(a) The names of directors present at each meeting of the Board and of each committee appointed in terms of regulation 12;

(b) all appointments of officers and employees made by the Board;

(c) all directions or instructions given by the Board; and

(d) all resolutions and proceedings at meetings of the Board and committees appointed in terms of regulation 12.

22. (1) The Board shall cause such books of account to be kept as are necessary to give a true and correct record of—

(a) the state of affairs, the transactions and the financial position of the Corporation;

(b) the moneys recieved and expended by the Corporation; and

(c) the assets, credits and liabilities of the Corporation.

(2) The books referred to in subregulation (1) shall be kept in the head office of the Corporation and at such place or places as the Board may deem fit and shall be open for inspection by the Minister or any person duly authorised by him or by the Board.

(3) The Board shall after consultation with the auditor issue instructions in respect of the collection, receipt, banking, custody, payment, maintenance and control of moneys and of the acquisition, custody and control of property.

Official seal and the use thereof

23. There shall be an official seal of the Corporation upon which its name shall be engraved in legible characters in the official languages of the Transkei.

24. The use of the official seal shall be subject to the following requirements:

(a) It shall not be affixed to any document except on the authority of a resolution of the Board;

(b) it shall not be so affixed except in the presence of two directors and the secretary or such other person as the Board may authorise thereto in such resolution;

(c) the said two directors and the secretary or such other person shall, in the presence of one another, sign every document to which the official seal is so affixed.

25. Every document to which the official seal has been affixed in terms of these regulations shall be binding on the Corporation.

26. The Board shall make suitable provision for the safe-keeping of the official seal.

(c) sy woon- en besigheidsadres waarvan die direkteur of plaasvervangende direkteur een as sy geregistreerde adres moet aandui vir die betekening van kennisgewings ingevolge regulasie 28;

(d) sy beroep;

(e) ten opsigte van 'n plaasvervangende direkteur, die naam van die direkteur in wie se plek hy as direkteur optree; en

(f) die datum waarop hy ophou om sy amp te beklee.

20. Elke direkteur wat op 'n vergadering van die Raad teenwoordig is, moet sy naam teken in 'n boek wat vir dié doel gehou word.

21. Die Raad moet skriftelike rekords laat hou in geskikte registers waarin die volgende besonderhede opgeteken moet word:

(a) Die name van direkteure teenwoordig op elke vergadering van die Raad en van elke komitee ingevolge regulasie 12 aangestel;

(b) alle aanstellings van amptenare en werknemers deur die Raad gedoen;

(c) alle opdragte of voorskrifte deur die Raad uitgereik; en

(d) alle besluite en verrigtinge op vergaderings van die Raad en komitees ingevolge regulasie 12 aangestel.

22. (1) Die Raad moet sodanige rekeningboeke laat hou as wat nodig is om 'n ware en juiste weergawe te bied van—

(a) die stand van sake, die transaksies en finansiële toestand van die Korporasie;

(b) die gelde ontvang en bestee deur die Korporasie; en

(c) die bates, kredits en laste van die Korporasie.

(2) Die boeke in subregulasie (1) genoem, moet in die hoofkantoor van die Korporasie gehou word en wel op 'n plek of plekke wat die Raad goed ag en lê ter insae vir die Minister of enige persoon behoorlik deur hom of deur die Raad daartoe gemagtig.

(3) Die Korporasie moet na oorlegpleging met die ouditeur voorskrifte uitreik oor die invordering, ontvangs, bank, bewaring, uitbetaling, versorging en beheer van gelde en oor die verkryging, bewaring en beheer van eiendom.

Amptelike seël en die gebruik daarvan

23. Daar moet 'n amptelike seël van die Korporasie wees waarop sy naam in leesbare letters in die amptelike tale van die Transkei gegraveer moet wees.

24. Die gebruik van die amptelike seël is onderworpe aan die volgende voorskrifte:

(a) Dit mag nie op 'n dokument aangebring word nie tensy magtiging by besluit van die Raad daartoe verleen is;

(b) dit mag nie aldus aangebring word nie tensy dit geskied in teenwoordigheid van twee direkteure en die sekretaris of 'n ander persoon wat die Raad in sodanige besluit daartoe magtig;

(c) genoemde twee direkteure en die Sekretaris of sodanige ander persoon moet, in mekaar se teenwoordigheid, elke dokument onderteken waarop die amptelike seël aldus aangebring word.

25. Elke dokument waarop die amptelike seël ooreenkomstig hierdie regulasies aangebring is, is bindend vir die Korporasie.

26. Die Raad moet behoorlike voorsiening maak vir die veilige bewaring van die amptelike seël.

Submission to the Trustee of balance sheet, statement of income and expenditure and report by the Board

27. The balance sheet, statement of income and expenditure and the report by the Board submitted to the Trustee in terms of section 22 of the Act shall be signed by two directors and the secretary.

Service of notices

28. A notice of the Corporation or the Board to a director, alternate director or any other person shall be served by the chairman or the secretary—

(a) by informing him personally of the text of the notice; or

(b) by handing the notice to him personally; or

(c) by posting a registered letter, containing the notice and properly addressed and franked, to—

(i) the director or alternate director at the registered address indicated by him for this purpose in terms of regulation 19 (c); and

(ii) any other person at his last known address.

29. A notice served by post in terms of regulation 28 (c) shall be deemed to have been served at the time at which the letter would be delivered in the normal course of mail delivery.

Consultation with Government of Transkei

30. The Corporation may in respect of any project in the area for which it was established consult with the Government of the Transkei if it deems it necessary within the scope of its operations.

Interim arrangements

31. Notwithstanding the provisions of these regulations, the Minister may take such steps as hy may deem necessary to convene the first meeting of the Board.

No. R. 909 28 May 1976

CORRECTION NOTICE

Substitute the following subsection for subsection (3) of section 47 in the Afrikaans text of the Owambo Election Proclamation, 1973 (Proclamation R. 105 of 1973):

"(3) Geen persoon mag direk of indirek enige kieser beweeg om sy stembrief, nadat hy dit gemerk het, op so 'n wyse te vertoon dat enige persoon die naam van die kandidaat vir wie hy sy stembrief aldus gemerk het, te wete kom nie.".

No. R. 916 28 May 1976

AMENDMENT OF RULES.—COURTS OF BANTU AFFAIRS COMMISSIONERS—CIVIL PROCEEDINGS

Under and by virtue of the powers vested in me by section 10 (4) of the Bantu Administration Act, 1927 (Act 38 of 1927), as amended, I, Michiel Coenraad Botha, Minister of Bantu Administration and Development, hereby give notice that I amend the regulations containing the rules prescribing the practice and procedure in civil proceedings in courts of Bantu Affairs Commissioners, which were published under Government Notice R. 2083 of 1967, in accordance with the accompanying Schedule.

M. C. BOTHA, Minister of Bantu Administration and Development.

Voorlegging aan die Trustee van balansstaat, staat van inkomste en uitgawe en verslag deur die Raad

27. Die balansstaat, staat van inkomste en uitgawe en die verslag deur die Raad wat ingevolge artikel 22 van die Wet aan die Trustee voorgelê moet word, moet deur twee direkteure en die sekretaris onderteken wees.

Betekening van kennisgewings

28. 'n Kennisgewing van die Korporasie of die Raad aan 'n direkteur, plaasvervangende direkteur of enige ander persoon moet deur die voorsitter of die sekretaris beteken word—

(a) deur hom persoonlik van die teks van die kennisgewing te verwittig; of

(b) deur die kennisgewing aan hom persoonlik te oorhandig; of

(c) deur 'n geregistreerde brief, met die kennisgewing daarin, behoorlik te adresseer en te frankeer en te pos aan—

(i) die direkteur of plaasvervangende direkteur by die geregistreerde adres deur hom vir dié doel ingevolge regulasie 19 (c) aangedui; en

(ii) enige ander persoon by sy jongs bekende adres.

29. 'n Kennisgewing wat per pos ooreenkomstig regulasie 28 (c) beteken word, word geag beteken te gewees het op die tydstip waarop die brief in die gewone loop van posaflewering afgelewer sou word.

Oorlegpleging met Regering van Transkei

30. Die Korporasie kan ten opsigte van enige projek in die gebied waarvoor hy ingestel is met die Regering van die Transkei oorleg pleeg indien hy dit binne die bestek van sy werksaamhede nodig ag.

Tussentydse reëlings

31. Ondanks die bepalings van hierdie regulasies, kan die Minister die stappe doen wat hy nodig ag ten einde die eerste vergadering van die Raad te belê.

No. R. 909 28 Mei 1976

VERBETERINGSKENNISGEWING

Vervang subartikel (3) van artikel 47 van die Afrikaanse teks van die Owambo-verkiesingsproklamasie, 1973 (Proklamasie R. 105 van 1973), deur die volgende subartikel:

"(3) Geen persoon mag direk of indirek enige kieser beweeg om sy stembrief, nadat hy dit gemerk het, op so 'n wyse te vertoon dat enige persoon die naam van die kandidaat vir wie hy sy stembrief aldus gemerk het, te wete kom nie.".

No. R. 916 28 Mei 1976

WYSIGING VAN REËLS.—BANTOESAKEKOMMISSARISHOWE—SIVIELE GEDINGE

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (4) van die Bantoe-administrasie Wet, 1927 (Wet 38 van 1927), soos gewysig, gee ek, Michiel Coenraad Botha, Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, hierby kennis dat ek die regulasies wat die reëls bevat waarby die praktyk en prosedure in siviele gedinge in howe van Bantoesakekommissarisse voorgeskryf word en wat by Goewermentskennisgewing R. 2083 van 1967 afgekondig is, ooreenkomstig bygaande Bylae wysig.

M. C. BOTHA, Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling.

SCHEDULE

In rules 13 and 25 insert after the word "Development" the following words: "or any other officer of the Department of Bantu Administration and Development, if authorised thereto by the Secretary for Bantu Administration and Development".

DEPARTMENT OF COLOURED, REHOBOTH AND NAMA RELATIONS

No. R. 920 28 May 1976

COLOURED PERSONS EDUCATION ACT, 1963

AMENDMENT OF REGULATIONS

Under section 34 of the Coloured Persons Education Act, 1963 (Act 47 of 1963), I, Hendrik Hanekom Smit, Deputy Minister of Coloured, Rehoboth and Nama Relations, acting in pursuance of an assignment under section 21 (1) of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961 (Act 32 of 1961), hereby further amend the regulations promulgated under the said section 34 and published by Government Notice R. 1898 of 21 November 1963, in Regulation Gazette 257 of 4 December 1963, as amended, as follows:

The following regulation is substituted for regulation T2.1:

"T2.1 A travelling allowance not exceeding R26 per annum may be granted to a pupil: Provided that—

(a) no travelling allowance shall be granted to a pupil residing within 3,25 kilometres of a suitable school having the necessary accommodation except where exceptional circumstances of physical disability exist; and

(b) no travelling allowance shall be granted to a pupil to whom a boarding allowance has been granted.".

H. H. SMIT, Deputy Minister of Coloured, Rehoboth and Nama Relations.

DEPARTMENT OF POSTS AND TELECOMMUNICATIONS

No. R. 910 28 May 1976

LIST OF INTERNATIONAL TELECOMMUNICATION TARIFFS

By virtue of the powers vested in him by section 3 (2A) and (2B) of the Post Office Act, 1958 (Act 44 of 1958), the Postmaster General announces that the "List of International Telecommunication Tariffs" promulgated by Government Notice R. 1202 of 12 July 1974, as amended, is hereby further amended as follows:

Item 1.1 *Operator-controlled calls*

Insert the following particulars alphabetically:

Service to	Basic rate		Personal call fee
	Three minutes	One minute	
"Ivory Coast.....	R 7,50	R 2,50	R 2,50"

BYLAE

In reëls 13 en 25 voeg die volgende woorde na die woord "-ontwikkeling" in: "of 'n ander beampte in die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling indien hy deur die Sekretaris van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling daartoe gemagtig is".

DEPARTEMENT VAN KLEURLING-, REHOBOTH- EN NAMABETREKKINGE

No. R. 920 28 Mei 1976

WET OP ONDERWYS VIR KLEURLINGE, 1963

WYSIGING VAN REGULASIES

Kragtens artikel 34 van die Wet op Onderwys vir Kleurlinge, 1963 (Wet 47 van 1963), wysig ek, Hendrik Hanekom Smit, Adjunk-minister van Kleurling-, Rehoboth- en Namabetrekkinge, handelende uit hoofde van 'n opdrag ingevolge artikel 21 (1) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961 (Wet 32 van 1961), hierby die regulasies uitgevaardig kragtens genoemde artikel 34 en afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1898 van 21 November 1963 in Regulasiekoerant 257 van 4 Desember 1963, soos gewysig, verder soos volg:

Regulasie T2.1 word deur die volgende regulasie vervang:

"T2.1 'n Vervoertoelae van hoogstens R26 per jaar kan aan 'n leerling toegeken word: Met dien verstande dat—

(a) behalwe waar daar buitengewone omstandighede van liggaamlike gestremdheid bestaan, geen vervoertoelae toegeken word aan 'n leerling wat binne 3,25 kilometer van 'n geskikte skool wat oor die nodige akkommodasie beskik, woonagtig is nie; en

(b) geen vervoertoelae toegeken word aan 'n leerling aan wie 'n losiestoelae toegestaan is nie.".

H. H. SMIT, Adjunk-minister van Kleurling-, Rehoboth- en Namabetrekkinge.

DEPARTEMENT VAN POS- EN TELEKOMMUNIKASIEWESE

No. R. 910 28 Mei 1976

LYS VAN INTERNASIONALE TELEKOMMUNIKASIETARIEWE

Kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 3 (2A) en (2B) van die Poswet, 1958 (Wet 44 van 1958), maak die Posmeester-generaal bekend dat die "Lys van Internasionale Telekommunikasietariewe" afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1202 van 12 Julie 1974, soos gewysig, hierby soos volg verder gewysig word:

Item 1.1 *Operateurbeheerde oproepe*

Voeg die volgende besonderhede alfabeties in:

Diens na	Grondtarief		Persoonlike-oproepgeld
	Drie minute	Een minuut	
"Ivoorkus.....	R 7,50	R 2,50	R 2,50"

DEPARTMENT OF CUSTOMS AND EXCISE

No. R. 900 28 May 1976

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964

AMENDMENT OF SCHEDULE 1 (No. 1/1/402)

Under section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, Part 1 of Schedule 1 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

O. P. F. HORWOOD, Minister of Finance.

DEPARTEMENT VAN DOEANE EN AKSYNS

No. R. 900 28 Mei 1976

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964

WYSIGING VAN BYLAE 1 (No. 1/1/402)

Kragtens artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 1 van Bylae 1 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

O. P. F. HORWOOD, Minister van Finansies.

SCHEDULE

I Tariff Heading	II Statistical Unit	III Rate of Duty General	IV Rate of Duty M.F.N.	V Rate of Duty Preferential
85.20 By the substitution for subheadings Nos. 85.20.90 and 85.20.95 of the following:				
"85.20.90 Other filament lamps, vacuum type:				
.05 Of less than 15 W	no.	155c per 100		105c per 100 (U.K.)
.15 Of 15 W or more but not exceeding 60 W	no.	20% or 1 500c per 100 less 80 per cent of the f.o.b. price		20% less 50c per 100 or 1 450c per 100 less 80 per cent of the f.o.b. price (U.K.)
.20 Exceeding 60 W	no.	20% or 1 500c per 100 less 80 per cent of the f.o.b. price		20% less 100c per 100 or 1 400c per 100 less 80 per cent of the f.o.b. price (U.K.)
85.20.95 Other filament lamps, gas filled:				
.05 Not exceeding 100 W, identifiable for use solely or principally in headlamps for miners	no.	100c per 100		free (U.K.)
.10 Other, of less than 15 W	no.	210c per 100		110c per 100 (U.K.)
.15 Other, of 15 W or more but not exceeding 100 W	no.	20% or 1 500c per 100 less 80 per cent of the f.o.b. price		20% less 100c per 100 or 1 400c per 100 less 80 per cent of the f.o.b. price (U.K.)
.20 Exceeding 100 W	no.	20% or 1 500c per 100 less 80 per cent of the f.o.b. price		20% less 200c per 100 or 1 300c per 100 less 80 per cent of the f.o.b. price (U.K.)"

Note.—The rates of duty on certain filament lamps are amended to the extent indicated.

BYLAE

I Tariefpos			II Statistiese Eenheid	III Skaal van Reg: Algemeen	IV Skaal van Reg: M.B.N.	V Skaal van Reg: Voorkeur
85.20	Deur subposte Nos. 85.20.90 en 85.20.95 deur die volgende te vervang:					
„85.20.90	Ander gloeilampe, vakuumtipe:					
	.05	Van minder as 15 W	getal	155c per 100		105c per 100 (V.K.)
	.15	Van minstens 15 W maar hoogstens 60 W	getal	20% of 1 500c per 100 min 80 persent van die prys v.a.b.		20% min 50c per 100 of 1 450c per 100 min 80 persent van die prys v.a.b. (V.K.)
	.20	Van meer as 60 W	getal	20% of 1 500c per 100 min 80 persent van die prys v.a.b.		20% min 100c per 100 of 1 400c per 100 min 80 persent van die prys v.a.b. (V.K.)
85.20.95	Ander gloeilampe, met gas gevul:					
	.05	Van hoogstens 100 W, uitkenbaar as vir gebruik slegs of hoofsaaklik in koplampe vir mynwerkers	getal	100c per 100		vry (V.K.)
	.10	Ander, van minder as 15 W	getal	210c per 100		110c per 100 (V.K.)
	.15	Ander, van minstens 15 W maar hoogstens 100 W	getal	20% of 1 500c per 100 min 80 persent van die prys v.a.b.		20% min 100c per 100 of 1 400c per 100 min 80 persent van die prys v.a.b. (V.K.)
	.20	Van meer as 100 W	getal	20% of 1 500c per 100 min 80 persent van die prys v.a.b.		20% min 200c per 100 of 1 300c per 100 min 80 persent van die prys v.a.b. (V.K.)"

Opmerking.—Die skale van reg op sekere gloeilampe word gewysig in die mate aangedui.

No. R. 899 28 May 1976

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964

AMENDMENT OF SCHEDULE 1 (No. 1/1/401)

Under section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, Part 1 of Schedule 1 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

O. P. F. HORWOOD, Minister of Finance.

No. R. 899 28 Mei 1976

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964

WYSIGING VAN BYLAE 1 (No. 1/1/401)

Kragtens artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 1 van Bylae 1 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

O. P. F. HORWOOD, Minister van Finansies.

SCHEDULE

I Tariff Heading	II Statistical Unit	III Rate of Duty General	IV M.F.N.	V Preferential
70.20 By the substitution for subheading No. 70.20.29 of the following: "70.20.29 Fabrics woven from miltifilament rovings	kg	20%"		

Note.—The rate of duty on fabrics woven from miltifilament glass fibre rovings is increased from 10% to 20%.

BYLAE

I Tariefpos	II Statistiese Eenheid	III Skaal van Reg Algemeen	IV M.B.N.	V Voorkeur
70.20 Deur subpos No. 70.20.29 deur die volgende te vervang: „70.20.29 Stowwe van miltifilamentveselstringe geweef	kg	20%"		

Opmerking.—Die skaal van reg op stowwe van miltifilamentglasveselstringe geweef word van 10% na 20% verhoog.

No. R. 901 28 May 1976

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964

AMENDMENT OF SCHEDULE 3 (No. 3/467)

Under section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, Schedule 3 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

O. P. F. HORWOOD, Minister of Finance.

No. R. 901 28 Mei 1976

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964

WYSIGING VAN BYLAE 3 (No. 3/467)

Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Bylae 3 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

O. P. F. HORWOOD, Minister van Finansies.

SCHEDULE

I Item	II Tariff Heading and Description	III Extent of Rebate
311.10	By the substitution for tariff heading No. 51.01 of the following: "51.01 (1) Yarn of man-made fibres (continuous) (excluding yarn of polyamide fibres and yarn exceeding 1 400 dtex with discontinuous or broken colours)	Full duty
	(2) Stretch and bulked yarns of polyamide fibres (continuous) (excluding yarn exceeding 1 400 dtex with discontinuous or broken colours)	Full duty"

Notes.—

1. The provisions for a rebate of duty on yarn of man-made fibres (continuous) exceeding 1 400 dtex with discontinuous or broken colours for the manufacture of carpets and mats, is withdrawn.
2. The extent of rebate on the remaining yarns is amended from full duty less 5% to full duty.

BYLAE

I Item	II Tariefpos en Beskrywing	III Mate van Korting
311.10	Deur tariefpos No. 51.01 deur die volgende te vervang: „51.01 (1) Garing van gefabriseerde vesels (kontinu) (uitgesonderd garing van poliamiedvesels en garing van meer as 1 400 dtex met nie-deurlopende of gebreekte kleure)	Volle reg
	(2) Rek- en uitbultgarings van poliamiedvesels (kontinu) (uitgesonderd garing van meer as 1 400 dtex met nie-deurlopende of gebreekte kleure)	Volle reg"

Opmerkings.—

1. Die voorsiening vir 'n korting op reg op garing van gefabriseerde vesels (kontinu) van meer as 1 400 dtex met nie-deurlopende of gebreekte kleure vir die vervaardiging van tapyte en matte, word ingetrek.
2. Die mate van korting op die oorblywende garings word gewysig van volle reg min 5% na volle reg.

No. R. 902 28 May 1976

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964

AMENDMENT OF SCHEDULE 4 (No. 4/186)

Under section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, Schedule 4 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

O. P. F. HORWOOD, Minister of Finance.

No. R. 902 28 Mei 1976

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964

WYSIGING VAN BYLAE 4 (No. 4/186)

Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Bylae 4 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

O. P. F. HORWOOD, Minister van Finansies.

SCHEDULE

I Item	II Tariff Heading and Description	III Extent of Rebate
407.00	By the insertion after Note (6) of the following: "(7) For the purposes of item 407.04/87.00(i) the vehicle in question shall not be deemed to be personally owned and used personally by the importer unless such importer was, at all reasonable times, personally present at the place where the vehicle was used by him, and the importer shall be deemed to have used that vehicle from the date on which he took physical delivery of the vehicle until the date on which the vehicle was delivered by him to the shippers or other agent for the purpose of shipment or despatch. (8) For the purposes of item 407.04 the importer shall, if he is absent for a continuous period of longer than 3 months from the place where the vehicle is usually used in the Republic, not be deemed to have imported the vehicle for his personal or own use, and the duty as prescribed in the regulations shall be payable as from the date of such absence. (9) The rebate of duty specified in item 407.04 shall only be allowed once per family during a period of 3 years."	
407.04	By the substitution for item 407.04 of the following: "**407.04 Motor vehicles imported by natural persons on change of permanent residence:** 87.00 One motor vehicle per family, imported by a natural person for his personal or own use, who in the discretion of the Secretary permanently changes his residence to the Republic and: (i) provided the vehicle so imported is the personal property of the importer and has personally been owned and used by him for a period of not less than 12 months prior to his departure to the Republic or owned and used in the case of intended residents arriving under a State aided scheme for such shorter period as the Secretary may in exceptional circumstances decide: Provided that this rebate of duty shall not apply to a vehicle owned and used by an intended resident prior to his departure to the Republic for less than 12 months if such vehicle was acquired under a tax rebate scheme; and (ii) provided the vehicle is not offered, advertised, lent, hired, leased, pledged, given away, exchanged, sold or otherwise disposed of within a period of 2 years from the date of entry under this item: Provided that any one of the foregoing acts with such vehicle within a period of 2 years from the date of entry in terms of this item shall render such vehicle liable to payment of duty in accordance with the regulations	Full duty"
407.06	By the substitution for item 407.06 of the following: "**407.06 Household furniture, other household effects and other removable articles, including equipment necessary for the exercise of the calling, trade or profession of the person, other than industrial, commercial or agricultural plant and excluding motor vehicles, caravans, trailers, boats of all kinds, alcoholic beverages and tobacco goods, the bona fide property of a natural person (including a returning resident of the Republic) and members of his family, imported for own use on change of his residence to the Republic:** (1) Used (2) New, to the value of R150 for each adult and R50 for each child, with a maximum of R500 for each family	Full duty Full duty"

SCHEDULE

I Item	II Tariff Heading and Description	III Extent of Rebate
460.25	By the insertion after item 460.24 of the following: "460.25 **Motor vehicles imported by immigrants or returning permanent residents of the Republic (excluding tourists) for their personal or own use:** 87.00 (1) Motor cars and station wagons and similar dual purpose motor vehicles, motor cycles, autocycles and cycles fitted with an auxiliary motor, with or without side-cars, the *bona fide* property of immigrants, provided such immigrants can, to the satisfaction of the Secretary, produce documentary evidence that such vehicles were ordered by them or were in their possession on or before 20 November 1975 and provided such vehicles have been owned and used by such immigrants prior to their departure to the Republic for not less than 6 months or for such shorter period as the Secretary may in exceptional circumstances decide and are, except with the permission of the Secretary, not sold or disposed of to other persons within a period of 2 years after the date of entry: Provided that such vehicles are, for the purposes of this item, entered before 28 May 1977 on which date this rebate expires	Full duty
	(2) One motor car or station wagon or similar dual purpose motor vehicle per family, the *bona fide* property of a permanent resident of the Republic returning after an unbroken absence of not less than 12 months from the Republic, provided such returning resident can, to the satisfaction of the Secretary, produce documentary evidence that such vehicle was ordered by him or was in his possession on or before 20 November 1975 and provided such vehicle has been owned and used by such returning resident for not less than 6 months prior to his departure to the Republic and is not sold or disposed of to another person within a period of 2 years after the date of entry: Provided that sale or disposal of such vehicle within a period of 2 years after the date of entry under this item shall be subject to payment of duty in accordance with any regulation relating to the disposal of any motor vehicle entered under item 406.00: Provided further that, if the Secretary in exceptional circumstances so decides, a permanent resident who is obliged to interrupt his absence from the Republic by returning thereto for a brief period or periods, shall in the application of this item be regarded as having been absent for an unbroken period on condition that the periods of absence from the Republic, taken together, amount to at least 12 months: Provided further that such vehicle is, for the purposes of this item, entered before 28 May 1977 on which date this rebate expires	Full duty"
490.03	By the substitution for item 490.03 of the following: "490.03 Private motor vehicles belonging to a person taking up temporary residence in the Republic	Full duty"

Notes:

1. The addition of the Notes under item 407.00 is self-explanatory.

2. (a) Item 407.04 is amended to bring the wording thereof in line with a recommendation by the Customs Co-operation Council, Brussels, but certain provisos are imposed.

   (b) The provision whereby persons normally resident in the Republic could import motor cars under rebate of duty, is withdrawn.

   (c) The number of vehicles which may be entered under rebate of duty by persons who change their residence to the Republic is restricted to one vehicle per family and self-propelled camping vehicles as well as goods vehicles may now also be imported under rebate of duty by these persons.

3. (a) Item 407.06 is amended to bring the wording thereof in line with a recommendation by the Customs Co-operation Council, Brussels. Certain goods are, however, excluded.

   (b) The value of new goods which may be entered under rebate of duty by persons who change their residence to the Republic is increased to the extent indicated.

4. Item 460.25 is created to make provision for a period of one year for a rebate of the full duty on motor vehicles imported by immigrants or returning permanent residents of the Republic (excluding tourists) for their personal or own use provided such persons can, to the satisfaction of the Secretary, produce documentary evidence that such vehicles were ordered by them or were in their possession on or before 20 November 1975. The provision expires on 28 May 1977.

5. As item 407.06 now provides for all household effects item 490.03 is substituted by a provision for the temporary admission of private motor vehicles belonging to a person taking up temporary residence in the Republic.

BYLAE

I Item	II Tariefpos en Beskrywing	III Mate van Korting
407.00	Deur na Opmerking (6) die volgende in te voeg: „(7) By die toepassing van item 407.04/87.00(i) word die betrokke voertuig geag nie persoonlik deur die invoerder persoonlik besit en gebruik te wees nie tensy sodanige invoerder te alle redelike tye persoonlik aanwesig is op die plek waar die voertuig deur hom gebruik word, en word die invoerder geag daardie voertuig te gebruik het vanaf die datum waarop hy fisies aflewering van die voertuig neem tot op die datum waarop die voertuig deur hom aan die verskepers of ander agent vir doeleindes van verskeping of afsending afgelewer word. (8) By die toepassing van item 407.04, word die invoerder, indien hy vir 'n aaneenlopende tydperk van langer as 3 maande afwesig is van die plek waar die voertuig gewoonlik in die Republiek gebruik word, geag die voertuig nie vir sy persoonlike of eie gebruik in te gevoer het nie, en is die reg soos in die regulasies voorgeskryf betaalbaar met ingang van die datum van sodanige afwesigheid. (9) Die korting op reg in item 407.04 vermeld mag slegs een keer per familie gedurende 'n tydperk van 3 jaar toegestaan word."	
407.04	Deur item 407.04 deur die volgende te vervang: „407.04 **Motorvoertuie ingevoer deur natuurlike persone by verandering van permanente verblyf:** 87.00 Een motorvoertuig per familie, ingevoer deur 'n natuurlike persoon vir sy persoonlike of eie gebruik, wat na die oordeel van die Sekretaris permanent van verblyf verander na die Republiek en: (i) mits die voertuig aldus ingevoer die persoonlike eiendom van die invoerder is en persoonlik deur hom besit en gebruik is vir 'n tydperk van minstens 12 maande voor sy vertrek na die Republiek of in die geval van voornemende inwoners wat ingevolge 'n Staatsondersteunde skema arriveer besit en gebruik is vir sodanige korter tydperk soos die Sekretaris in buitengewone omstandighede kan besluit: Met dien verstande dat hierdie korting op reg nie van toepassing sal wees nie op 'n voertuig wat deur 'n voornemende inwoner voor sy vertrek na die Republiek vir minder as 12 maande besit en gebruik is indien sodanige voertuig ingevolge 'n belastingkortingskema verkry is; en (ii) mits die voertuig nie binne 'n tydperk van 2 jaar na die datum van klaring onder hierdie item aangebied, geadverteer, geleen, verhuur, verpag, verpand, weggegee, verruil, verkoop of andersins vervreem word nie: Met dien verstande dat enigeen van voormelde handelinge met sodanige voertuig binne 'n tydperk van 2 jaar na die datum van klaring kragtens hierdie item sodanige voertuig onderhewig maak aan betaling van reg ooreenkomstig die regulasies	Volle reg"
407.06	Deur item 407.06 deur die volgende te vervang: „407.06 **Huisraad, ander huishoudelike goedere en ander verplaasbare artikels, met inbegrip van toerusting nodig vir die uitoefening van die roeping, ambag of beroep van die persoon, maar nie industriële, kommersiële of landboutoerusting nie en uitgesonderd motorvoertuie, woonwaens, sleepwaens, bote van alle soorte, alkoholiese dranke en tabakware, die bona fide eiendom van 'n natuurlike persoon (met inbegrip van 'n terugkerende inwoner van die Republiek) en lede van sy familie, ingevoer vir eie gebruik by verandering van sy woonplek na die Republiek:** (1) Gebruik (2) Nuut, tot 'n waarde van R150 vir elke volwassene en R50 vir elke kind, met 'n maksimum van R500 vir elke familie	Volle reg Volle reg"
460.25	Deur na item 460.24 die volgende in te voeg: „460.25 **Motorvoertuie wat deur immigrante of terugkerende permanente inwoners van die Republiek (uitgesonderd toeriste) vir hulle persoonlike of eie gebruik ingevoer word:** 87.00 (1) Motorkarre en stasiewaens en dergelike dubbeldoelmotorvoertuie, motorfietse, outofietse en fietse met 'n hulpmotor toegerus, met of sonder syspanne, die *bona fide* eiendom van immigrante, mits sodanige immigrante tot bevrediging van die Sekretaris dokumentêre bewys kan voorlê dat sodanige voertuie reeds voor of op 20 November 1975 deur hulle bestel is of in hul besit was	Volle reg

I Item	II Tariefpos en Beskrywing	III Mate van Korting
	en mits sodanige voertuie deur sodanige immigrante voor hulle vertrek na die Republiek minstens 6 maande lank of vir sodanige korter tydperk soos die Sekretaris in buitengewone omstandighede kan besluit besit en gebruik is en nie, behalwe met die toestemming van die Sekretaris, binne 'n tydperk van 2 jaar na die datum van klaring verkoop of aan ander persone vervreem word nie: Met dien verstande dat sodanige voertuie vir die doeleindes van hierdie item voor 28 Mei 1977 geklaar word, op welke datum hierdie korting verval	
	(2) Een motorkar of stasiewa of dergelike dubbeldoelmotorvoertuig per familie, die *bona fide* eiendom van 'n terugkerende permanente inwoner van die Republiek wat minstens 12 maande aaneenlopend uit die Republiek afwesig was, mits sodanige terugkerende inwoner tot bevrediging van die Sekretaris dokumentêre bewys kan voorlê dat sodanige voertuig reeds voor of op 20 November 1975 deur hom bestel is of in sy besit was en mits sodanige voertuig deur sodanige terugkerende inwoner minstens 6 maande lank voor sy vertrek na die Republiek besit en gebruik is en nie binne 'n tydperk van 2 jaar na die datum van klaring verkoop of aan 'n ander persoon vervreem word nie: Met dien verstande dat verkoop of vervreemding van sodanige voertuig binne 'n tydperk van 2 jaar na die datum van klaring kragtens hierdie item onderhewig is aan betaling van reg ooreenkomstig enige regulasie wat betrekking het op die van die hand sit van enige motorvoertuig kragtens item 406.00 geklaar: Met dien verstande voorts dat, indien die Sekretaris in buitengewone omstandighede aldus besluit, 'n permanente inwoner wat genoodsaak is om sy afwesigheid uit die Republiek te onderbreek deur daarheen terug te keer vir 'n kort tydperk of tydperke, by die toepassing van hierdie item geag word afwesig te gewees het vir 'n ononderbroke tydperk op voorwaarde dat die tydperke van afwesigheid uit die Republiek altesaam minstens 12 maande beloop: Met dien verstande voorts dat sodanige voertuig vir die doeleindes van hierdie item voor 28 Mei 1977 geklaar word, op welke datum hierdie korting verval	Volle reg"
490.03	Deur item 490.03 deur die volgende te vervang: „490.03 Privaat motorvoertuie wat behoort aan 'n persoon wat tydelik in die Republiek kom woon	Volle reg"

Opmerkings:

1. Die byvoeging van die Opmerkings by item 407.00 is selfverduidelikend.
2. (a) Item 407.04 word gewysig om die bewoording daarvan in ooreenstemming te bring met 'n aanbeveling van die Doeanesamewerkingsraad, Brussel, maar sekere voorbehoude word gestel.
   (b) Die voorsiening waarvolgens persone wat gewoonlik in die Republiek woonagtig is, motorkarre met korting op reg kan invoer, word ingetrek.
   (c) Die aantal voertuie wat met korting op reg geklaar mag word deur persone wat hulle woonplek na die Republiek verander, word beperk tot een voertuig per familie en selfaangedrewe kampeervoertuie sowel as vragvoertuie mag ook nou deur hierdie persone met korting op reg ingevoer word.
3. (a) Item 407.06 word gewysig om die bewoording daarvan in ooreenstemming te bring met 'n aanbeveling van die Doeanesamewerkingsraad, Brussel. Sekere goedere word egter uitgesluit.
   (b) Die waarde van nuwe goedere wat met korting op reg geklaar mag word deur persone wat hulle woonplek na die Republiek verander, word verhoog in die mate aangedui.
4. Item 460.25 word geskep om vir 'n periode van een jaar voorsiening te maak vir 'n volle korting op reg op motorvoertuie wat deur immigrante of terugkerende permanente inwoners van die Republiek (uitgesonderd toeriste) vir hulle persoonlike of eie gebruik ingevoer word mits sodanige persone tot bevrediging van die Sekretaris dokumentêre bewys kan voorlê dat sodanige voertuie reeds voor of op 20 November 1975 deur hulle bestel is of in hul besit was. Die voorsiening verval op 28 Mei 1977.
5. Aangesien item 407.06 nou voorsiening maak vir alle huishoudelike goedere word item 490.03 vervang met 'n voorsiening vir die tydelike toelating van privaat motorvoertuie wat behoort aan 'n persoon wat tydelik in die Republiek kom woon.

No. R. 903 28 May 1976

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964

AMENDMENT OF REGULATIONS (No. MR/23)

Under section 120 of the Customs and Excise Act, 1964, the regulations published in Government Notice R. 1770 of 5 October 1973 are hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

O. P. F. HORWOOD, Minister of Finance.

No. R. 903 28 Mei 1976

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964

WYSIGING VAN REGULASIES (No. MR/23)

Kragtens artikel 120 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word die regulasies ingevolge Goewermentskennisgewing R. 1770 van 5 Oktober 1973 uitgevaardig, gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

O. P. F. HORWOOD, Minister van Finansies.

SCHEDULE

By the substitution in the Fourth Schedule for regulations 407.04.01, 407.05.01 and 407.06.01 of the following:

"407.04.01 In respect of any motor vehicle entered under item 407.04 the importer shall at the time of entry furnish the Controller with the following—

(a) such documentary evidence as the Controller may require to prove that the importer has permanently changed his residence to the Republic; and
(b) a declaration in a form approved by the Secretary setting forth the circumstances and particulars in connection with the importation of such vehicle and incorporating and undertaking in respect of the disposal of the vehicle as required by the item.

407.06.01 In respect of any goods entered under item 407.06 the rebate of duty shall be subject to the following conditions—

(a) a declaration in a form approved by the Secretary, signed by the head of the family, together with an inventory of all the goods being imported shall be furnished to the Controller at the time of entry;
(b) in the case of used household furniture, other household effects and other removable articles, such goods shall have been owned and used by the importer or members of his family prior to despatch;
(c) in the case of new household furniture, other household effects and other removable articles, such goods shall have been owned by the importer or members of his family prior to despatch; and
(d) the household furniture, other household effects and other removable articles will continue to be owned and used by the importer or the members of his family for a period of at least 6 months as from the date of entry thereof."

Note.—The amendments to the regulations are consequential to the amendments to items 407.04 and 407.06 of Schedule No. 4 to the Customs and Excise Act, 1964.

BYLAE

Deur in die Vierde Bylae regulasies 407.04.01, 407.05.01 en 407.06.01 deur die volgende te vervang:

„407.04.01 Ten opsigte van enige motorvoertuig kragtens item 407.04 geklaar, moet die invoerder ten tyde van klaring, die volgende aan die Kontroleur verskaf—

(a) sodanige dokumentêre bewys as wat die Kontroleur mag vereis om te bewys dat die invoerder sy woonplek permanent na die Republiek verander het; en
(b) 'n verklaring in die vorm deur die Sekretaris goedgekeur waarin die omstandighede en besonderhede in verband met die invoer van sodanige voertuig uiteengesit word en wat 'n onderneming ten opsigte van die vervreemding van die voertuig soos deur die item vereis, inkorporeer.

407.06.01 Ten opsigte van enige goedere kragtens item 407.06 geklaar, is die korting op reg onderhewig aan die volgende voorwaardes—

(a) 'n verklaring in die vorm deur die Sekretaris goedgekeur, deur die hoof van die gesin onderteken, tesame met 'n inventaris van al die goedere wat ingevoer word, moet aan die Kontroleur ten tyde van klaring verskaf word;
(b) in die geval van gebruikte huisraad, ander huishoudelike goedere en ander verplaasbare artikels, moet sodanige goedere deur die invoerder of lede van sy gesin voor versending besit en gebruik gewees het;
(c) in die geval van nuwe huisraad, ander huishoudelike goedere en ander verplaasbare artikels, moet sodanige goedere deur die invoerder of lede van sy gesin voor versending in besit daarvan gewees het; en
(d) die huisraad, ander huishoudelike goedere en ander verplaasbare artikels nog deur die invoerder of lede van sy gesin besit en gebruik word vir 'n tydperk van minstens 6 maande vanaf die datum van klaring daarvan."

Opmerking.—Die wysigings van die regulasies is as gevolg van die wysigings van items 407.04 en 407.06 van Bylae No. 4 by die Doeane- en Aksynswet, 1964.

DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION

No. R. 913 28 May 1976

THE NATIONAL EDUCATION POLICY ACT, 1967 EDUCATION IN SCHOOLS.—AMENDMENT

The Minister of National Education has, under and by virtue of the powers vested in him by section 2 (1) read with section 2 (3) of the National Education Policy Act, 1967 (Act 39 of 1967), further amended the general policy which is to be pursued in respect of education in schools, as published under Government Notice R. 2029 of 12 November 1971 and amended by Government Notices R. 1644 of 15 September 1972 and R. 1444 of 1 August 1975 and corrected by Government Notice R. 1884 of 20 October 1972, with effect from 1 June 1977, by adding the following paragraphs after paragraph 20:

"The place of the parent community in the education system

School committees, boards of control and advisory boards

21. Every school shall have a school committee, board of control or advisory board which shall be elected by parents of pupils of the school concerned: Provided that

DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

No. R. 913 28 Mei 1976

WET OP DIE NASIONALE ONDERWYSBELEID, 1967 ONDERWYS IN SKOLE.—WYSIGING

Kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 2 (1) gelees met artikel 2 (3) van die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid, 1967 (Wet 39 van 1967), het die Minister van Nasionale Opvoeding die algemene beleid wat ten opsigte van onderwys in skole gevolg moet word, soos afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 2029 van 12 November 1971 en gewysig by Goewermentskennisgewings R. 1644 van 15 September 1972 en R. 1444 van 1 Augustus 1975 en verbeter by Goewermentskennisgewing R. 1884 van 20 Oktober 1972, verder gewysig deur na paragraaf 20 onderstaande paragrawe, wat op 1 Junie 1977 in werking tree, by te voeg:

"Die plek van die ouergemeenskap in die onderwysstelsel

Skoolkomitees, beheerrade en adviesrade

21. Elke skool moet 'n skoolkomitee, beheerraad of adviesraad hê wat deur die ouers van leerlinge van die betrokke skool, verkies word: Met dien verstande dat

not less than half of the members of a elected school committee, board of control or advisory board shall be parents of pupils of the school concerned on the date of election: Provided further that the provisions of this paragraph shall not apply to schools maintained, managed and controlled or subsidized by the Department in terms of the Children's Act, 1960 (Act 33 of 1960), and the Educational Services Act, 1967 (Act 41 of 1967), and, with the approval of the Administrator, to schools where the boundaries of the parent community extend so far outside the areas of such schools that it is impracticable to have a school committee, board of control or advisory board elected by the parents.

22. The following persons shall not be eligible for election as members of school committees, boards of control and advisory boards:

(a) (i) Any person in the service of an education department who does not have permission from his head of education.

(ii) Any person who is a member of the staff of a school for which the school committee, board of control or advisory board is being constituted.

(b) Any person who has at any time been convicted of an offence and sentenced to imprisonment without the option of a fine, unless a free pardon has been granted to him or unless his term of imprisonment has expired at least three years before the date of his election.

(c) Any person who is subject to an order of court declaring him to be feeble-minded or of unsound mind or mentally deficient or any person found to be of unsound mind by a judicial officer.

(d) Any person who is not a South African citizen.

(e) Any person who is under the age of 21 years.

(f) Any person who is an unrehabilitated insolvent.

23. Powers and duties of school committees, boards of control and advisory boards:

(a) A school committee, board of control or advisory board shall—

(i) bring to the attention of the education department or school board, as the case may be, matters which in its opinion concern the well-being or efficiency of the school and shall make recommendations thereon but it shall not interfere with the work done in the school or with a teacher in the execution of his official duties;

(ii) make recommendations in accordance with the policy of the education department, regarding the appointment of teachers;

(iii) from time to time in consultation with the principal satisfy itself as to the condition of the physical amenities and shall report any shortcomings or defects thereof to the school board or, if the schools does not fall under a school board, to the education department concerned; and

(iv) exercise such other powers and perform such other duties as may be assigned to it from time to time by the education department.

School boards

24. The Administrator of a province may determine school board districts or areas in the province concerned.

25. Where school board districts or areas have been determined by an Administrator, there shall be a school board for each school board district or area, to be constituted as follows: Not less than two-thirds of the members of each school board shall be elected by the parents or by the representatives of the parents (members of school committees, boards of control or advisory boards), the remaining one-third being elected or appointed in such manner as the Administrator may determine.

minstens die helfte van die lede van 'n verkose skoolkomitee, beheerraad of adviesraad, op die datum van die verkiesing, ouers van leerlinge van die betrokke skool moet wees: Met dien verstande verder dat die bepalings van hierdie paragraaf nie van toepassing is nie op skole wat ingevolge die Kinderwet, 1960 (Wet 33 van 1960), en die Wet op Onderwysdienste, 1967 (Wet 41 van 1967), deur die Departement in stand gehou, bestuur en beheer of gesubsidieer word en, met die Administrateur se goedkeuring, op skole waar die grense van die ouergemeenskap so ver buite die areas van sodanige skole strek, dat dit nie prakties moontlik is om 'n skoolkomitee, beheerraad of adviesraad deur die ouers te laat verkies nie.

22. Die volgende persone is onbevoeg om as lede van skoolkomitees, beheerrade en adviesrade verkies te word:

(a) (i) Iemand in diens van 'n onderwysdepartement wat nie toestemming van sy onderwyshoof het nie.

(ii) Iemand wat lid is van die personeel van 'n skool waarvoor die skoolkomitee, beheerraad of adviesraad saamgestel word.

(b) Iemand wat te eniger tyd skuldig bevind is aan 'n misdryf en gestraf is met gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete, tensy volle grasie aan hom verleen is, of sy termyn van gevangenisstraf minstens drie jaar voor die datum van sy verkiesing verstryk het.

(c) Iemand wat onderworpe is aan 'n bevel van die hof waarby hy swaksinnig of geestelik gekrenk of geestelik gebrekkig verklaar is of iemand wat deur 'n geregtelike beampte geestelik gekrenk bevind word.

(d) Iemand wat nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie.

(e) Iemand wat onder die ouderdom van 21 jaar is.

(f) Iemand wat 'n ongerehabiliteerde insolvente persoon is.

23. Bevoegdhede en pligte van skoolkomitees, beheerrade en adviesrade:

(a) 'n Skoolkomitee, beheerraad of adviesraad—

(i) bring sake wat na sy mening betrekking het op die welsyn of doeltreffendheid van die skool, onder die aandag van die onderwysdepartement of skoolraad, na gelang van die geval, en doen aanbevelings daaromtrent, maar hy mag hom nie inlaat met die werk wat in die skool verrig word of met 'n onderwyser in die vervulling van sy ampspligte nie;

(ii) doen in ooreenstemming met die beleid van die onderwysdepartement aanbevelings in verband met die aanstelling van onderwysers;

(iii) moet in oorleg met die hoofonderwyser hom van tyd tot tyd vergewis van die toestand van die fisiese geriewe, en moet enige tekortkominge of gebreke daaraan aan die skoolraad of, as die skool nie onder 'n skoolraad ressorteer nie, aan die betrokke onderwysdepartement, rapporteer; en

(iv) oefen sodanige ander bevoegdhede uit en vervul sodanige ander pligte wat die onderwysdepartement van tyd tot tyd aan hom opdra.

Skoolrade

24. 'n Administrateur van 'n provinsie kan in die betrokke provinsie skoolraadsdistrikte of -gebiede bepaal.

25. Waar 'n Administrateur skoolraadsdistrikte of -gebiede bepaal het, moet daar vir elke skoolraadsdistrik of -gebied 'n skoolraad wees wat soos volg saamgestel moet word: Minstens twee derdes van die lede van elke skoolraad word deur die ouers of deur die ouers se verteenwoordigers (lede van skoolkomitees, beheerrade of adviesrade) verkies, terwyl die Administrateur bepaal hoe die res verkies of benoem word.

26. Powers and duties of school boards:

(a) A school board—

(i) shall have supervision over all school buildings and grounds including school hostel buildings maintained, managed and controlled or subsidized by a provincial administration, teachers' residences and other accessory buildings and the furniture and equipment of such buildings;

(ii) shall advise the head of education in connection with the acquisition of building sites for educational purposes and the erection, purchasing, hiring or obtaining in any other way of school buildings, teachers' residences, hostels for pupils or other buildings accessory to a school in its district or area;

(iii) shall administer money allocated to it out of the provincial revenue fund for the exercise of its powers and the performance of its duties in the prescribed manner;

(iv) shall advise the head of education in respect of the establishment and closing down of schools and the provision of school accommodation in its district or area;

(v) shall keep such records as may be prescribed and shall furnish such returns and reports as the head of education may require;

(vi) may, in so far as is relevant to its powers and duties, make recommendations to the education department on a matter arising from a report submitted by the head of education to the school board or on any matter which has been submitted in writing to the school board and which concerns a school: Provided that it shall not interfere with the work done in the school or with a teacher in the execution of his official duties; and

(vii) may exercise such other powers and perform such other duties as may be assigned to it by the education department.

Parent-teachers' associations

27. The establishment of parent-teachers' associations shall be optional.

28. Parent-teachers' associations shall be non-statutory bodies and shall not deal with functions assigned to statutory educational bodies.

Mouthpiece of parents

29. School committees, boards of control, advisory boards and school boards shall be the official mouthpieces of the parents of pupils of the school concerned.".

DEPARTMENT OF PRISONS

No. R. 921 28 May 1976

AMENDMENT OF THE PRISONS REGULATIONS

The State President has, under and by virtue of the powers vested in him by section 94 of the Prisons Act, 1959 (Act 8 of 1959), further amended the Prison Regulations published under Government Notice R. 2080 of 31 December 1965, as amended by Government Notice R. 1311 of 11 July 1975, as follows:

Regulation 149 is amended by the insertion of the following proviso at the end of subregulation (4) (a):

"Provided that as from 1 July 1975 all female members whose husbands are members of this Medical Fund will be exempted from compulsory membership and monthly contributions.".

Amendment 20]

26. Bevoegdhede en pligte van skoolrade.

(a) 'n Skoolraad—

(i) is belas met die toesig oor alle skoolgeboue en terreine met inbegrip van skoolkoshuisgeboue wat deur 'n provinsiale administrasie in stand gehou, bestuur en beheer of gesubsidieer word, onderwyserswonings en ander bybehorende geboue en die meubels en uitrusting van sodanige geboue;

(ii) adviseer die onderwyshoof in verband met die verkryging van bouterreine vir onderwysdoeleindes en die oprigting, aankoop, huur of verkryging op 'n ander wyse van skoolgeboue, onderwyserswonings, koshuise vir leerlinge of ander geboue wat hoort by 'n skool in sy distrik of gebied;

(iii) administreer geld wat uit die provinsiale inkomstefonds aan hom toegeken is vir die uitoefening van sy bevoegdhede en die vervulling van sy pligte op die voorgeskrewe wyse;

(iv) dien die onderwyshoof van advies in verband met die stigting en sluiting van skole en die verskaffing van skoolakkommodasie in sy distrik of gebied.

(v) hou sodanige rekords as wat voorsgeskryf mag word en verstrek sodanige opgawes en verslae as wat die onderwyshoof mag vereis;

(vi) kan, in soverre dit betrekking het op sy bevoegdhede en pligte, by die onderwysdepartement aanbevelings doen oor 'n saak wat voortvloei uit 'n verslag wat deur die onderwyshoof na die skoolraad gestuur is of oor enige saak wat skriftelik by die skoolraad ingedien is en betrekking het op 'n skool: Met dien verstande dat hy hom nie inlaat met die werk wat in die skool verrig word of met 'n onderwyser in die vervulling van sy ampspligte nie; en

(vii) kan sodanige ander bevoegdhede uitoefen en sodanige ander pligte vervul wat die onderwysdepartement aan hom opdra.

Ouer-onderwysersverenigings

27. Die stigting van ouer-onderwysersverenigings is opsioneel.

28. Ouer-onderwysersverenigings is nie-statutêre liggame en handel nie met funksies wat aan die statutêre onderwysliggame toegesê is nie.

Mondstuk van ouers

29. Skoolkomitees, beheerrade, adviesrade en skoolrade is die amptelike mondstukke van die ouers van leerlinge van 'n betrokke skool.".

DEPARTEMENT VAN GEVANGENISSE

No. R. 921 28 Mei 1976

WYSIGING VAN DIE GEVANGENISREGULASIES

Die Staatspresident het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 94 van die Wet op Gevangenisse, 1959 (Wet 8 van 1959), die Gevangenisregulasies uitgevaardig by Goewermentskennisgewing R. 2080 van 31 Desember 1965, soos gewysig by Goewermentskennisgewing R. 1311 van 11 Julie 1975, soos volg verder gewysig:

Regulasie 149 word gewysig deur die volgende voorbehoudsbepaling aan die einde van subregulasie (4) (a) in te voeg:

"Met dien verstande dat met ingang van 1 Julie 1975 alle vroulike lede wie se eggenote lede van hierdie Mediese Fonds is, vrygestel word van die verpligte lidmaatskap en maandelikse bydrae".

Wysiging 20]

MILITARIA

Militaria is a military-historical journal published quarterly by the Documentation Service of the South African Defence Force.

This illustrated journal contains articles on subjects as:

The Anglo Boer War and early South African military history.

South Africa's participation in the two World Wars.

Unit histories.

The growth and development of the South African Defence Force.

Source publication and book reviews of important military publications are included in most issues.

To date 23 editions of *Militaria* have been published.

Current copies of *Militaria* may be obtained from The Government Printer, Private Bag X85, Pretoria, 0001, at R1 (overseas R1,25) per copy. Copies of most back editions are still available.

MILITARIA

Militaria is 'n militêr-historiese tydskrif wat deur die Dokumentasiediens van die Suid-Afrikaanse Weermag op 'n kwartaalbasis uitgegee word.

Hierdie geïllustreerde tydskrif bevat artikels oor o.a.:

Die Anglo-Boereoorlog en vroeëre Suid-Afrikaanse militêre geskiedenis.

Suid-Afrikaanse deelname aan beide Wêreldoorloë.

Eenheidsgeskiedenisse.

Die groei en ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Weermag.

Bronnepublikasies en besprekings van militêr belangrike boeke word in die meeste nommers ingesluit.

Daar het reeds 23 uitgawes van *Militaria* verskyn.

Huidige nommers van *Militaria* kan by Die Staatsdrukker, Privaatsak X85, Pretoria, 0001, teen R1 (buitelands R1,25) per eksemplaar gekoop word. Die meerderheid vorige nommers is nog beskikbaar.

SOUTHERN CAPE FORESTS AND TREES

by

F. VON BREITENBACH

A guide to the indigenous forests of George, Knysna and Tsitsikama; their different types; their management and history; their trees and shrubs, ferns and herbs, grasses and lianes; their snakes, birds and mammals.

With a leaf-key to and descriptions of 100 forest tree species.

328 pages, 470 illustrations (photographs and line drawings), comprehensive index, hard cover.

Price R10,00. Abroad R12,50.

SUID-KAAPSE BOSSE EN BOME

deur

F. VON BREITENBACH

'n Gids tot die inheemse bosse van George, Knysna en Tsitsikama; hul verskillende tipes; hul bestuur en geskiedenis; hul bome en struike, varings en kruidagtige plante, grasse en klimplante; hul slange, voëls en soogdiere.

Met 'n blaarsleutel tot en beskrywings van 100 bosboomsoorte.

328 bladsye, 470 illustrasies (foto's en lyntekeninge), omvattende register, volband.

Prys R10,00. Buiteland R12,50

CONTENTS

No.		Page No.	Gazette No.
	PROCLAMATIONS		
R. 96.	Act 38 of 1927: Amendment of the area of jurisdiction of the Southern Bantu Appeal Court	1	5141
R. 97.	Act 54 of 1968: Financial regulations for community authorities in Hereroland ...	1	5141
R. 99.	Act 59 of 1968: Prescription of inspection marks for use on dried fruit	8	5141
	GOVERNMENT NOTICES		
	Agricultural Economics and Marketing, Department of		
	Government Notices		
R. 904.	Act 59 of 1968: Producer prices for offall in controlled areas: Amendment	10	5141
R. 923.	Act 59 of 1968: Regulations relating the grading, etc., of tobacco: Amendment ...	13	5141
R. 924.	Act 59 of 1968: Levy and special levy on tobacco	11	5141
R. 925.	Act 59 of 1968: Minimum selling prices for tobacco	12	5141
R. 926.	Act 59 of 1968: Bread prices: Amendment	15	5141
R. 927.	Act 59 of 1968: Special levies on certain dairy products	16	5141
	Bantu Administration and Development, Department of		
	Government Notices		
R. 905.	Act 46 of 1968: Regulations: Ciskeian National Development Corporation Limited	16	5141
R. 906.	Act 46 of 1968: Regulations: Transkei Development Corporation Limited	21	5141
R. 909.	Correction Notice	25	5141
R. 916.	Act 38 of 1927: Amendment of rules: Courts of Bantu Affairs Commissioners: Civil proceedings	25	5141
	Coloured, Rehoboth and Nama Relations, Department of		
	Government Notice		
R. 920.	Act 47 of 1963: Coloured Persons Education Act: Amendment of regulations ...	26	5141
	Customs and Excise, Department of		
	Government Notices		
R. 899.	Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 1 (No. 1/1/401)	28	5141
R. 900.	Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 1 (No. 1/1/402)	27	5141
R. 901.	Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 3 (No. 3/467)	29	5141
R. 902.	Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 4 (No. 4/186)	30	5141
R. 903.	Customs and Excise Act, 1964: Amendment of regulations (No. MR/23)	33	5141
	National Education, Department of		
	Government Notice		
R. 913.	Act 39 of 1967: The National Education Policy Act, Education in schools: Amendment	34	5141
	Posts and Telecommunications, Department of		
	Government Notice		
R. 910.	Act 44 of 1958: List of international telecommunication tariffs	26	5141
	Prisons, Department of		
	Government Notice		
R. 921.	Act 8 of 1959: Amendment of the Prisons Regulations	36	5141

INHOUD

No.		Bladsy No.	Staatskoerant No.
	PROKLAMASIES		
R. 96.	Wet 38 van 1927: Wysiging van die regsgebied van die Suidelike Bantoe-appèlhof	1	5141
R. 97.	Wet 54 van 1968: Finansiële regulasies vir die gemeenskapsowerhede in Hereroland	1	5141
R. 99.	Wet 59 van 1968: Voorskryf van inspeksiemerke vir gebruik op droëvrugte	8	5141
	GOEWERMENTSKENNISGEWINGS		
	Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, Departement van		
	Goewermentskennisgewings		
R. 905.	Wet 46 van 1968: Regulasies: Ciskeise Nasionale Ontwikkelingskorporasie Beperk	16	5141
R. 906.	Wet 46 van 1968: Regulasies: Transkei-ontwikkelingskorporasie Beperk	21	5141
R. 909.	Verbeteringskennisgewing	25	5141
R. 916.	Wet 38 van 1927: Wysiging van Reëls: Bantoesakekommissarishowe: Siviele gedinge	25	5141
	Doeane en Aksyns, Departement van		
	Goewermentskennisgewings		
R. 899.	Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae 1 (No. 1/1/401)	28	5141
R. 900.	Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae 1 (No. 1/1/402)	27	5141
R. 901.	Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae 3 (No. 3/467)	29	5141
R. 902.	Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae 4 (No. 4/186)	30	5141
R. 903.	Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Regulasies (No. MR/23)	33	5141
	Gevangenis, Departement van		
	Goewermentskennisgewing		
R. 921.	Wet 8 van 1959: Wysiging van die Gevangenisregulasies	36	5141
	Kleurling-, Rehoboth- en Namabetrekkinge, Departement van		
	Goewermentskennisgewing		
R. 920.	Wet 47 van 1963: Wet op Onderwys vir Kleurlinge: Wysiging van regulasies	26	5141
	Landbou-ekonomie en -bemarking, Departement van		
	Goewermentskennisgewings		
R. 904.	Wet 59 van 1968: Produsentepryse vir afval in beheerde gebiede: Wysiging	10	5141
R. 923.	Wet 59 van 1968: Regulasies met betrekking tot gradering, ens., van tabak: Wysiging	13	5141
R. 924.	Wet 59 van 1968: Heffing en spesiale heffing op tabak...	11	5141
R. 925.	Wet 59 van 1968: Minimum verkooppryse vir tabak	12	5141
R. 926.	Wet 59 van 1968: Broodpryse: Wysiging	15	5141
R. 927.	Wet 59 van 1968: Spesiale heffings op sekere suiwelprodukte	16	5141
	Nasionale Opvoeding, Departement van		
	Goewermentskennisgewing		
R. 913.	Wet 39 van 1967: Wet op die Nasionale Onderwysbeleid: Onderwys in skole: wysiging	34	5141
	Pos- en Telekommunikasiewese, Departement van		
	Goewermentskennisgewing		
R. 910.	Wet 44 van 1958: Lys van internasionale telekommunikasietariewe	26	5141

Printed by and obtainable from The Government Printer,
Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001

Gedruk deur en verkrygbaar by Die Staatsdrukker,
Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001